

Die Knorries en die Krisis

‘n Komedie in 8 tonele

deur

Nico Luwes

Vir die Sanlam Teaterprys 2004

10 Feb. 2004

KARAKTERS

Korrelkop van Graan (68) : ‘n Afgetrede melkboer. Nooit getroud.

Mejuffrou Maatje van Zwolle (48) : ‘n Suster-cum-toesighouer-cum-matrone van Huis Soeterjare. Ongetroud en onverken.

Kingdom Moshouyane (65): Afgetrede melkvoorman van Korrel.

Peter-Schalk van Rijn (68) : ‘n Afgetrede direkteur van ‘n maatskappy. Wewenaar.

DEKOR

‘n Groot eenheid vir ‘n pensioenaris in die huis vir bejaardes, Huis Soeterjare. Die eenheid is later en dus nou verdeel in ‘n dubbelkamereenheid vir twee. In die middel ‘n skuifbare afskorting wat die woonstel in twee leefareas verdeel. Elkeen eintlik ‘n eenheid van sy eie met een gedeelde badkamer. Die een regs die van Peter-Schalk en die een links die van Korrel van Graan. In die agterste muur twee kleinerige vensters in die middel in elke ‘kamer’. In beide hoeke links en regs agter twee deure wat van die symure na agter teen die agterste muur oopmaak. Die een in Pieter Scalk Van Rijn se kamer is ‘n glasdeur na buite. In die binnehoeke teen die agterste muur en die afskorting twee yskaste en klein eet- of werkstafeltjies onder die vensters. Op die tafeltjies ‘n waskom en dies meer. Teen beide symure twee beddens met twee rooi hulpknoppies teen die muur. Daarbo teen die mure twee praktiese bedliggies. In elke kamer ‘n televisiestel voor aan gehoorkant wat na agterkant wys. In die kamer regs ‘n swierige groot opgestopte gemakstoel met fraiings tot op die vloer en in die kamer links ‘n baie eenvoudige bal-en-klou bank en stoel. Gordyne en beddegoed regs spreek van geld en status. Daar is geen gordyne of beddegoed in die kamer links nie. Deur na badkamer voor links uit Korrel se kamer.

TYD

Nog in *Hierdie Lewe!* Dit is 10 uur die oggend. Somer.

TONEEL 1

(Die kamers is leeg behalwe vir die meubels genoem. In die agtergrond iewers die klank van 'n stofsuier en dalk 'n teetrollie wat êrens in 'n gang verbygestoot word. Na 'n paar oomblikke waarin daar absoluut niks gebeur nie word die deur links agter oopgemaak)

Maatje (in en sy maak venster agter oop. Sy is ietwat mollig en sterk gebou. Geklee in 'n tipe 'matronerige' blou romp en toppie. Op haar vol bors haar naamkaartjie 'ZWOLLE'. Op haar bors ook halfbrille aan 'n kettinkie om haar nek. Sy draai ongeduldig om. Daar's niemand wat ingekom het nie, Sy pluk moer en gaan kyk weer in die deur in die gang links af. Sy is Nederlands): **Kom nou! Gatverdarrie! (Stilte) Heer Korrel! (Stilte) Ek sê... kom nou! Of moet ek jou aan de hals insliep!** (Sy kom in en kyk of die yskas aangeskakel is. Dit is nie. Sy skakel die prop teen die agterste muur aan en merk Korrel in die gang buite). **Kommarin, kommarin, kommarin! Toe nou! Hier's tog g'n niks wat bijt!** (Sy maak die yskas weer oop om te kyk of die liggie brand. Dit werk)

Korrel (loer teensinnig om die hoek van die deur en verdwyn weer uit gang toe): **Alla...**

Maatje (draai om en sien hy is wragtag weer die gang af! Weer na deur): **Mijnheer Korrel van Graan! Het je hondsdol geword? (Beveel militaristies) Staat! Ek sê staat!! Ja wel... Draai om... Ja wel! Kom terug... Ja, ja... Dat is goed!** (Sy tree terug in kamer)

Korrel (kom versigtig in en bekyk die kamer)...**kragtie!** (Hy is tipiese boer met 'n boere'tan'. Groenerige broek en bruin skoene. 'Netjiese' bruin en groen hemp met 'n buffel bo die sak geborduur. Hoed in die hand. Hy bekyk net die plek en knik bevestigend met sy kop wat sê "Wel, dan is dit nou my lot!")

Maatje (toer deur die vertrek): **Zo! Dan is dit nou jou kamer. En hier..**

Korrel: Ja. Ja! En wie en waar is my... kamermaat?

Maatje: Hy stap soggens van tien tot voor tee. Zooz ek dan ook nog ook wou sê voor u my in die zop geval het. (Hervat toer) Hier is jou tafeltjie – geen kosmakery op tweeplaatstowe toegelaat, jou venster - toegemaak na tienuur saans voor de inbrekers, jou deur - gesluit as je uitgaan vir ete voor die rondlopers-in-die-gange, jou kas voor de klere en slegs persoonlik medisyne, jou bed - voorsien eie beddegoed. Jou bedlig en panieknop - nie te verwarre! Ek slaap drie kamers die gang af en reageer daarop- blitsnel! (Sy buk en loer onder bed) **Ruimte vir een kamerpissepot - self voorsien, jou badkamer met toilet, wasbak en Zittestort, jou TV - klankgeknipt na nege saans en geenzins aan op Zondagmiddag tussen twee en vier. Hier jou stoel en rusbank – standaard gebal-en-geklou. En hier jou private yskas voor eetgoed. Nota bene – EETGOED! Geen sterke drank toegelaat in Huisje Zoeterjare.**

Korrel (wat haar die hele tyd soos ‘n skaap met die hoed in die hand volg en net vir ‘n oomblik sy aandag van haar laat dwaal het swaai om): **Wat!?**

Maatje: Jy’t reg gehôr! Geen sterke drankte toegelaat in Huisje Zoeterjare. Ek zal kom inspekteer! Geen kanzevattery met mij! Jy zal nog zien.

Korrel: Daar staan nêrens so ‘n ding op die kontrak wat êk geteken het nie!

Maatje: Gatverdarrie! Is jy ook een van dáárdies!

Korrel: Waardies?

Maatje: Dáárdies! Een van dáárdies wat elke aand ‘n zoop moet neem ‘om-kamstig-te-kan-slape’.

Korrel: Dit traak jou nie wat deur my gorrelgat gaan nie! Dit staat nie so op my kontrak nie!

Maatje (tik haar kop): **Dit staat wel zo op my kontrak! Ek is die een wat julle gezuip moet terugbring kamers toe as jul vergeet-verdwaal-en-wat-nog-als! En érger nog... moet optel van die...** (koppie skuins soos sy probeer om nie die ‘dele te sien nie)
Zittestort! Kaalkoejavelpoedelnakend!! Skandalig!

Korrel: Dit sal die blêddie dag wees laat jy my kaalkoejawel sal optel! Ek soek ‘n papier met ‘n lys van daardie ‘sterke drankte’ wat verbode is!

Maatje (tik haar kop): **Die lys is hier! Dis tog zo eenvoudig! Wyn toelaatbaar met Zondagete aan die tafel by die eetzaal –onder toezig! Geen sterke drankte soos whiskey, brandewyn, rietspiritus, wodka, rum en dan geheel-en-al geen wit-jenever!**

Korrel (stuur haar Nederlandse aksent op): **En waarvoor nogals nie die wit-jenever?**

Maatje: Ma’ verstaat je niet? Die arme oue menze! Jenever maak ‘n mens mos jags! (Indien te sterk kan ‘katterjaans’ maar gebruik word) (Sy besef wat sy gesê het, stik omtrent en verlaat die kamer blitsvinnig) **Verzkoon.. Ek... het nog vele dinge om te doen...**

Korrel (byt omtrent sy pyp af!): **Tsoe, tsoe, tsóóóe!** (Hy staan ‘n paar oomblikke stil. By homself) **Jenever nê! Dis wat ek ou Martie’tjie moes mee gedokter het! Dan was ek dalk vader van vele!** (Hy gaan na die deur en kyk in die gang af) **Wel, ek’s ‘n melkboer wat ‘n versie ken! En sy? Geweduwee of ongetroud en onverken – dis wat!** (Hy roep in die gang af) **Kingdom!**

Kingdom (buite in die gang): **Meneer?**

Korrel: Bring my goed!

Kingdom (buite): **Soos Meneer kan sê ‘Janvannermerwe!’**

Korrel (maak sy kas oop en toe): **Nouja.** (Dan die yskas oop en toe) **Nouja!**

Kingdom (ook ‘n ou man, netjies uitgevat vir die dorp, in met beddegoed, tasse, bokse en ‘n sambreel onder sy ken vasgeknyp. Hy steek stomverbaas vas): **Hela, tulo ena e nyane moo mottho a sa kgoneng le ho ntsha moya! – (Sotho-woorde vir ‘Hel, die plek is so klein mens sal nie eers hier kan poep nie!’)**

Korrel: Wat sê jy?

Kingdom: Nee... Ek sê die plek hy’s so klein... mens sal hier maar swaar asemhaal!

Korrel: Wragtag! (Hy haal die sambreel onder Kingdom se nek uit en sit dit neer)
Sit maar neer.

Kingdom (sit die tasse, beddegoed en bokse neer): **Die plek? Oe! Oe! Hy kleiner as... haw...!**

Korrel: Rietfonten se plaaskombuis ja! Ja, Kingdom, jaaa! Sit die tas in die kas en die boks onder die tafel. Ek sal later uitpak. Gee die beddegoed. (Hy sit dit op die bed) *So did my kingdom come!*

Kingdom (kyk by venster uit): **Hier’s darem ‘n tuintjie. Maar dis net rose en gras! Nikswerd goeters! Hier sal ‘n koei nie eers haar speen kan swaai nie!**

Korrel: Is dit als?

Kingdom: Dis nog net die Tiengeling agter op die bakkie.

Korrel: Die Tiengeling. My magtag! Nou bring maar in!

Kingdom (uit na gang): **Soos meneer kan sê ‘Janvannermerwe!’**

Korrel: Kingdom! Kom eers hier. (Kingdom in deur) **Het jy daai Nurse-Matrone-besigheid gesien?**

Kingdom: **Kgodimodimo yane e matswele a maholohadi (Sotho vir ‘daai ou Buffelkooi met die groot tette?’)**

Korrel: Hoesê?

Kingdom: Nee, ek sê maar net ek kon haar nie misgekyk het nie.

Korrel: Nouja... Ek dink dit is beter dat... (Hy trek sy kop nader en fluister iets in sy oor)

Kingdom (kry 'n breë glimlag) **Helang makgowa a na a a bohla! hape ba le maqithi hape** (Sotho vir 'Sjoe! Die Boere is ook donners slim! En skelm!')

Korrel: Hoesê?

Kingdom (verdwyn af in die gang): **Nee ek sê 'die boere het kop!'**

Korrel (is nou skielik alleen en weet nie wat om te doen nie. Dan gaan sit hy op die bed en gee na 'n ruk twee wippe. Dan gaan loer hy is die badkamer en kom weer uit. Dan gaan sit hy op die bank en voel sy sit. Twee wippe. Hy kyk na die pote van die bank): **Verbeel jou nê! Standaard gebal!** (Hy sit sy pyp in sy mond, staan op, gaan sit op die stoel en val onmiddellik deur die stoel.) **Bliklater!** (So sit hy) **Ja, Korrel...So did my kingdom come!** (Hy klouter uit die stoel, maak die ding so naastenby weer reg met 'n intrap van die sitgedeelte onder. Wat nou? Hy sit die TV aan en die ding blêr kliphard Drop-Dead-Gorgeous se meisie wat skree-sing: **WAAR IS JY??? JY'S IN MY ARE!!!** ens .Hy probeer die volume afstel maar weet nie hoe nie, want hy kry nie die afstandbeheer nie.) **Tsoe, Tsoe, Tsoooo!**

Kingdom (loer deur venster): **Meneer! Meneer! OUBASA!!**

Korrel: WAT IS DIT?

Kingdom: DIE TIENGELING!

Korrel: WAT? (Hy kry die TV handeviervoet afgesit by die muurprop)

Kingdom: (nog op volle sterkte): **DIE TIENGELING!!!**

Korrel (kry omtrent 'n hartaanval soos hy hom probeer stilmaak): **MOENIE SO SKREE NIE! DIE HELE BLÊRRIE WÊRELD KAN JOU HOOR!!!** (Hy staan op van die vloer)

Kingdom: **OUKEI!** (Hy sit die boks drank deur die venster op die tafeltjie daarvoor – duidelik gemerk KLIPDRIFT)

Maatje (iewers in gang): **Wat voor op deze lieve aarde skop julle daar zo 'n allemintige rumoer op!**

Kingdom (verdwyn voor die venter): **Jo nna wena, jwale ke masepang** (Sotho vir 'Hier kom groot bollie!')

Korrel (hol na die boks en staan met die drank in die hande): **Oi Oi Oi Oi! So did my kingdom come!**

(By venster om drank uit te gee) **Kingdom!** (Kingdom is nie daar nie. Oorweeg dit om die boks deur die venster te laat val, maar besluit daarteen. Hy pluk die hangkas oop en die tas is reeds daarin. Geen plek! Die boks kan nie onder die bed in nie, wil badkamer toe, besef dit gaan nie werk nie en kliek dan die kamer langs aan. Hy is in, kyk rond en sit die boks neer, Hy tiep die stoel en sien dis groot genoeg. Hy skuif die boks blitssnel onder die stoel in en rangskik die stoel se valletjies netjies. Hy spring terug na sy kamer toe en wil net op die stukkende stoel gaan sit as hy besef dit is stukkend onder die kussing. Blitssnel sit hy op die bank met sy pyp in sy mond en wip die oomblik as Maatje inkom) **So ja... So jaa...**

Maatjie (briesend in): **Gatverdarrie! Wat gaat hier aan? Hê? Hê? Hê???**

Korrel (Stilte. Steek sy pyp op): **Hum?**

Maatje : **Ek sê hê????!.**

Korrel (kalm): **Ek toets sy sit.**

Maatjie: **Sy wat?**

Korrel: **Sy sit. Die standaard gebal-geklou se sit!** (Ongemaklik stilte. Dan wip hy weer een slag. Tevrede) **Hy sit lekker...**

Kaatje (glad nie beïndruk nie): **Ag zo! Waar is die vrou?**

Korrel: **Watter vrou?**

Kaatje: **Die vrou wat so geskrouw het!**

Korrel: **Ek het niemand gehoor nie!**

Kaatje: **Niemand gehôr nie?**

Korrel; **Niemand gehôr nie**

Kaatje: **Niemand gehôr nie.... Ook nie 'n vrou wat so geskrouw het nie?**

Korrel (doodonskuldig): **Ook nie 'n vrou wat so geskrouw het nie.**

Kaatje (besluit om weer van voor af te begin): **U sien ek dra wel spektakels?**

Korrel : **Spektakels?**

Kaatje (tik haar bril op haar bors): **Brille!**

Korrel: **O! Brille... ja!** (Stuur weer haar Nederlandse aksent op) **Ek het zo gezien...**

Maatje: Zo! (Sy sit die brilletjie op) **Het u ook gezien ek het ORE om my spektakels aan te haak?**

Korrel: Ja! Ek het zo gezien?

Maatje: Zo! Dan het ek ook ORE om mee te HOOR! Vooral die vrou wat so geskrouw het!!

Korrel (laat blyk of daar 'n lig opgaan): **OOO!!!**

Maatje: Waar is Tiengeling?

Korrel: Tiengel-wie?

Maatje: TiengeLING!

Korrel: Tiengeling?

Maatje: Ja TIENGELING! Die vrou wat so geskrouw het! (Sy begin in die kas kyk, onder die bed, en in die badkamer) **Waar is sy?** (Sy kom onsuksesvol uit badkamer, besluit dan op die kamer langsaan en inspekteer als behalwe die stoel. Weer terug na hom in sy kamer) **Ek het dat tog duidelik gehôr!** (Sy staan en wag vir sy antwoord) **Tingeling!**

Korrel: Ek het gezing...

Maatje: Gezing?

Korrel: Ja. Gezing! Tiengeling- tieng-tieng-tieng-tiengeliengelieng... (Hy verswak stelselmatig soos hy selfvertroue verloor) **Tiengelieng- tieng-teing-tieng...**

Maatje: Mijnheer Korrelkop van Graan! Wat staat hier voor my kop?

Korrel: Jou spektakels?

Maatje (pluk die bril af): **Gatverdarrige! Nee! Wat staan hier voor my kop?**

Korrel: Voor jou kop wel niks, maar op jou bors wel... (Hy tuur nader aan die naamplaatjie) **Zwolle!** (Sy gluur hom net aan. Hy kry 'n vonkel is sy oë en beduie na die stoel) **Wil u nie zit nie?** (Sy gluur hom net aan) **Asjeblijf...**

Maatje (besef daar is geen salf te smeer nie): **Mijnheer van Graan... Ek sien swarigheid voor u. Moet my nie onderskat en in die klompie kyk nie. Ek... is 'n stérke vrou.**

Korrel: Ek het zo gezien.

Maatje (meet hom met haar oë, skud haar kop gemete op en af): **Jou draadje zal ek nog knip!** (Sy knip haar storie kort en stap na die deur): **Tee is oor tien minute. In die teekamer.** (Militarities in deur) **Almal drink saam tee. Ek moet jou voorstel aan die andere menze van Huisje Zoeterjare. Dit is gebruiklik. U zal daar wees.**

Korrel (staan op): **Goed, mevrou.**

Maatje (steek vas in deur): **MeJUFrouw vir u! Gatverdarrrie!** (Sy's uit)

Korrel: Innie kol Korrel! Nooitgetroud en onverken – dis wat! (Hy strek sy arms vol behae sydelings uit en vries dan net so. Hy leun van kant tot kant en kyk of hy nie beide mure weerskante kan raak nie. Duidelik ontsteld oor die klein ruimte stap hy afgemete na die ander kamer en voer dieselfde meetproses uit. Dit is ewe groot. Op pad terug steek hy by die skeidingsmuur vas en begin intens na die konstruksie daarvan kyk. Hy wikkel aan die ding en dit kan skuif! Groot glimlag op die gesig. Hy gaan loer gou in sy gang af. Hy glip oor na die ander kamer en skuif die tafeltjie teen die agterste muur meer na die deur se kant, dan die yskas en wat ook al in die pad is. Hy gaan loer gou weer in die gang af. Terug na die skeidingsmuur skuif hy soos 'n stout seuntjie die voorkant so 'n 30 sentimeter in die buurman se kamer in. Dan na die agterkant in sy kamer waar hy die muur oor die yskas wil aanstoot. Dit werk nie. Hy hol weer om na die buurman se kant en begin die muur 30 sentimeter nader trek.)

Kingdom (loer deur die venster): **Meneer...** (Hy sien die muur vanself beweeg) **Helang banna bonang lebota le ya tsamaya , ke boloi ntho ena ke tokolosi!** (Hy sak stadig af buite venster)

Korrel: Kingdom! (Hy kom na sy kant)

Kingdom (kom weer stadig op. Baie versigtig): **Meneer?**

Korrel: Klim deur!

Kingdom: Meneer?

Korrel: Klim deur en kom help my skuif!

Kingdom: Deur die venster? Ek is 'n ou man! (Hy klim skrikkerig deur venster) **Is sy weg?**

Van Rijn: Wie? Zwolle?

Kingdom: Ja! Geswelde Vrou!

Korrel : Geswelde...? O Zwolle! Ja. Smaak dit my ek is nou eers weer op parool! Kom!

Kingdom (help skuif die yskas en tafeltjie ten die verskuifde muur): **Ehee, jwale motho o tla fumana ho ntsha moya monate** (Sotho vir ‘Nou sal mens darem ‘n klein poepie’tjie kan los’)

Korrel: Hoesê?

Kingdom: Nee, ek sê mens sal darem nou ‘n skeppie’tjie asem kan kry.

(Skielik gaan ‘n hengse klokkekabaal hard in die gang af)

Kingdom (spring soos ‘n jong man verwoed deur die venster): **Jou ma se moeee...** (Hy’s uit) **Hier kom sy! Kom Oubaas! Dis Geswelde Vrou!**

Maatje (in gang): **TEE!!**

Korrel (by venster): **Kingdom! Bring die blerrie bakkie se sleutels! Kom hier man!**

Kingdom (in venster en gee sleutels aan): **Hier’ie plek gaan Meneer nóg maller maak! Dis malkoei daai!**

Korrel: Dis net die klok vir tee man! Smaak my ek sal moet gaan.

Kingdom: Tsjoe!

(Hulle het skielik niks om te sê nie. Hulle kom van donkiejare al af saam)

Korrel: Nou ja... Mooiloop, Ou Grote. En dankie...

Kingdom: Is so...

Korrel: Sal jy nou regkom op die dorp? By jou mense?

Kingdom: Ja-nee. Ek... sal regkom.

Korrel: Nou, ja...

Kingdom: Nou, ja... (Hy beweeg uit die venster)

Korrel (draai na deur, kry moed en begin stap): **Ja...**

Kingdom (weer by venster): **Meneer...**

Korrel (steek in deur vas): **Hê?**

Kingdom; Nee, ek wil maar net sê... As eerste Vrydag kom... sal ek maar vir Meneer kom kuier – so sesuur innie more se kant by die venster.

Korrel: Sesuur?

Kingdom: Ja! Ons is mos melkboere! Vroegdag hanekraai... pure rypstappers!

Korrel (lag binnekant toe): **Ja, ons is mos melkboere... Nouja!** (Al twee draai weg. Korrel is feitlik by deur as hy weer venster toe kom): **Kingdom!**

Kingdom (buite): **Meneer?**

Korrel: Vrydag is mos nou weer wat'se dag?

Kingdom (in venster): **Vrydag is mos... dis mos.... PETAALDAG!**

Korrel: Ja, jou ou Bliksem! Mooi loop tot Vrydag. (Hy stap uit by deur en sluit dit van buite)

Kingdom (by homself): **Ja.... Mooi loop, Ou grote...** (Hy verdwyn finaal)

(Die verhoog is leeg. Enkele sekondes doodse stilte. Dan maak iemand die glasdeur in die regterkantste kamer oop en dit KWAR! teen die tafeltjie wat te vêr in die rigting van die deur oorgestoot is. Halwe sekonde stilte. Ligte vinnig uit! En vrolike musiek vul kort oorgang. Miskien 'Hy's 'n lekker ou Jan')

EINDE TONEEL 1

TONEEL 2

(Enkele minute later. 'n Rumour en 'n geredekawel van links agter in die gang soos Maatje en Van Rijnne in die gang afkom)

Maatje (buite na deur van Korrel. Sluit die deur van buite oop): **Ek g'loofd dat niet! Geheel-en-al-niet!** (Op deur Korrel se deur) **Dat ek nou 'n sleuteldrager en faktotum se rolle moet spele!! Ek? 'n Vrouw met KWALIFIKASIES! 'n Geliefdesdienwerker! Ek het de geld tog immers nie nodig!**

Van Rijnne (in van gang. Hy is 'n netjiese kêrel met 'n wit broek, wit skoene, wit en blou gestreepte hemp met 'n donkerrooi strikdas en ligte strooihoed vir die son op sy kop. 'n Ligte wandelstok dresseer sy regterhand waarmee hy graag beduie asof die wêreld buite sy persoonlik ruimte ietwat giftig is. Ag, hy wou so graag 'n Engelsman of Johan Malherbe wees): **Nou kyk dan self! Ek 'n liegbek? Ek? Die eerbare, gekultiveerde Van Rijnne? Waarvoor sou ek lieg? Die deur wou nie oop nie!**

Maatjie (Sy kom staan in die middel van die vertrek): **Nou waar is die halsstarrige deur?**

Van Rijn: Daar. (Hy staan in Korrel se kamer en wys in die rigting van sy buitedeur/voordeur met die wandelstok) **Dit steek vas! Vrot vakmanskap! Dis wat ek al van die begin af sê! En dit teen die huur van ... soveel per maand!.**

Maatjie: Ek het jou gezê dis zoveel goedkoper om die plek te koop! Maar nee! (Sy het intussen die spul bekyk en sien dat die deur teen die tafeltjie vassteek) **Ha! Probleem opge'solved!'**

Van Rijn: Wat is opge'solved'?

Maatjie: Logika! Die deur kan nie ope want dit bots teen die tafeltjie!

Van Rijn (na sy vertrek en kyk na deur): **Immersowragtiwaar!**

Maatjie: Ja, dit bots teen die tafeltjie. Die ruimte is te beknop!

Van Rijn: Te beknop, ja!

(Altwee bekyk die deur, die tafeltjie, die yskas en die afstand van die deur na die skeidingsmuur, weer terug na die deur en vind geen logiese verklaring vir die fenomeen)

Maatjie: Ditte... Ditte... moet de laaste reent geweez het... Dié dat de deurtjie zo gezwolle het?

Van Rijn: Juffrou Zwolle. Het u brein ge-'zwolle?' Geen deur kan só zwolle dat hy 30 sentimeter sywaarts 'zwolle!' En dit 'n glasdeur?

Maatjie (heeltemal verward): **Een ligte onopgemerkte aardebewingskok?**

Van Rijn (bekyk die besigheid weer deur, gaan loer na die afstand in Korrel se kamer, kom meet flink met sy treë die afstand van die ruimte in sy kamer na die muur): **Nee. Een, twee, drie...**

Maatjie: U tel heel goed!

Van Rijn: Sluit u snater, Mejufrou van Zwolle! (Hy sak op die vloer af en meet die laaste gedeeltes per hand) **en een, twee, drie hand en ... vier duim en... 'n aks!** (Hy stap doelgerig om na Korrel se kamer en volg dieselfde prosedure van die bed se kant af daar. Hy begin egter van die kant van die bed af en nie van die buitenste kant van die muur nie) **Een, twee, drie...** (Hy is teen die binnemuur op drie meter. Hy draai om en meet die afstand in die ander rigting – die keer van die binneste muur af in die rigting van die bed) **Een, twee, drie...** (Hy's teen die bed)

Maatje (wat hom intens dopgehou het): **Een heftige aardebewingskok?**

Van Rijn (kyk net driftig op na haar en sak om die res van afstand onder die bed te meet): **...en een hand.. drie duim... en...**

Korrel (is reeds enkele sekondes vroeër op. In sy deur): **Soek u ‘n pot, Neef?**

Maatje (terwyl Van Rijn onder die bed uit probeer kom): **Mijnheer Korrel! Hier het een mirakel gebeur! Hier was een aardverskuiwende aardkok! Geluidloos soos een dief in die nag! Ek het glads geen trille eers gevoel!**

Van Rijn: **Sluit u snater, mejufrou van Zwolle! Het u al ooit iets gevoel?** (Hy kom uit en bekyk weer die skeidingsmuur sonder om aandag aan Korrel te gee) **Iets het hierdie dêkselse muur geskuif!**

Maatje: **Dit was seker maar die wil van die Heer! ‘n Waarskuwing teen die zonde! Hierdie aarde is zó boos!**

Van Rijn: **Mejuffrou Zwolle! Moenie onder ‘n hoenderstellasie loop sit en as die kuikens op jou kop kom.. dinges... vir my vertel dit is die.. Hu... se wil nie!. Hierdie was ‘n MENS se wil!**

Korrel (doodverbaas): **Nou my allakragtie! Wie sal nou só ‘n ding wil doen?**

Van Rijn (draai vir die eerste keer na hom): **Ja, wie sal?**

Korrel (herken hom na al die jare): **Ja, wie sa... Maar my magtag! Van Rijn?**

Van Rijn (steek sy hand uit): **Korrek. Mnr. Peter-Schalk van Rijn. Direkteur van maatskappye... onder andere. Ken ek u?**

Korrel (sien dadelik deur sy meederwaardigheid): **Nee, nee. Natuurlik nie! Ek’s maar net ‘n ou armgat melkboer. Paar koetjies gemelk en so aan en jy... u... ek meen u!**

Maatje (entoesiasies): **... is direkteur van verskeie maatskappye en ‘n baie ryk man en ‘n ware gentleman en zo...**

Korrel: **Ag zo! Allakragtie! Nee, ek weet!**

Maatje: **Almal ken tog maar die ryke Mijnheer van Rijn!**

Korrel: **Ja, ek het sy lewenspad gevolg terwyl ek so met my rug teen die koeltek in die sonnetjie staan. So vroeë’môres met die vorige dag se koerant wat die seun van die melklorrie daar aanbring. Van Rijn maak so en Van Rijn maak so...**

Van Rijn: So u lees wel?

Korrel: Landbouweekblad.. Koerant se strokies en so... en die sportblad.

Maatje: Hoe wreed oulik!

Korrel: Ja, hoe wreed, nê!

Maatje: Wel, Mijnheer Korrel, hierdie heer is u... kamermaat, Mijnheer van Rijn. Mijnheer van Rijn, hierdie meneer... is Meneer Korrel van Graan.

Korrel: Korrelkop van Graan, ja. Paar koeitjies gemelk en zo...

Van Rijn (herken hom. Hy kyk hom net sprakeloos aan): Uhm... So jý in nou my ...

Korrel: Kamermaat ja! So gepraat van melk. Ek gaan met die kookvrou in die kombuis praat. Die goeters wat julle in die tee gooi is pure blouwater. Iemand neuk nog water ook by die afgeroomde gemors. Ek sal laat Kingdom met die huurder praat dat hy ordintlike roommelk kom aflewer. Al is ek oud hoef ek nie kasaterwater met kapokmelk te drink nie. Allakragtie! (Hy stap uit en kom onmiddellik weer terug) En buitendien! Ek drink koffie! Nie rooibostee nie! Reël dit so, MeJUFrau van Zwolle!! (Af)

Van Rijn: Ek kan nie saam met hierdie man bly nie.

Maatje: Wat meen u nouw?

Van Rijn: Die man is... is 'n ongekultiveerde... aap!

Maatje: Wel, hy het baie geld vir 'n ongekultiveerde man. Hy het sy plek kontant betaal. R550,00.00 vir lewenslange sorg. Kontant!

Van Rijn: Kontant? Ek gee nie om nie. Al het hy ook drie miljoen betaal, ek kan nie met hierdie... BOER 'n kamer deel nie! Ek is... 'n direkteur van maatskappye! Ek is 'n gekultiveerde man! Ek... lees. Ek filosofer!.. ek stap!!! Ek... kan nie!

Maatje: Kom tog nouw! Kom tog nouw, Minjheer van Rijn! Ek het alreeds 'n zware dag beleefd! Kom skuif die muur met mij! (Sy begin die tafeltjie en yskas in Korrel se kamer wegskuif terwyl Van Rijn haar staan en bekyk)

Van Rijn: My rug... Jy weet. Ja, meer links daar... Nog so 'n aks. Ja...

Maatje (begin die muur voor skuif): Hoe staat dit nouw?

Van Rijn (staan voor en bevele gee en meet die afstande met sy wandelstok in sy kamer terwyl Kaatje skuif): Nog meer links ja! Meer links!!

Maatjie (het intussen al die meubels op hul plek): **Is dat goed?**

Van Rijn: Ja... maar die stoel is uit sy plek... meer links. (Hy gaan meet met sy wandelstok in Korrel se kamer aan die voorpunt van die skeidingsmuur na die sypaadjie)

Maatjie (probeer die stoel skuif maar dit is te swaar met die boks drank daarop): **Wat voor een bedonderde zwaar stoele'tjie het u hier ingeplant? Zoals een anker voor de Titanic? Kom help tog!**

Van Rijn: My rug. Skuif jy maar, jy word betaal! En daartoe dra ek maandeliks mildelik by.

Maatjie: Ek doen dit voor de liefde! Ek kort geen geld! Ek kry dit geen aks geroer! Kom sit tog maar 'n handje by!

Van Rijn (ingenome met sy meetwerk voor Korrel se stoel. Hy bestryk sy wandelstok met grasia dwars voor hom en vertroetel sy slanke hande uitgestrek voor hom):

Verskoon my, Mejufrou van Zwolle, maar lyk dié hande van my vir u na die hande van 'n meubelskuiwer? Dit is hande van 'n(Hy gaan sit behaaglik in die stoel en val regdeur soos 'n kind in 'n taaierswaai) **direkteur!!** (Ligte blitsvinnig uit en vrolike Britse salonmusiek vir die oorgang neem oor)

EINDE TONEEL 2

TONEEL 3

(Dit is 4.30 dieselfde dag. Korrel op sy bank en Van Rijn in sy stoel. Al twee kyk hulle eie TV's na programme. Korrel kyk rugby en Van Rijn na 'n simfoniekonsert. Dit is duidelik dat hulle nog nie 'n woord sedert vanoggend met mekaar gepraat het nie en "totaal onbewus" is van mekaar. Eers kyk die een geïrriteerd na die ander en dan doen die ander een weer dieselfde. Hulle mis mekaar se blikke natuurlik net-net. Dan kyk hulle gelyk na mekaar en Van Rijn pluk sy blik weg. Ook Korrel draai sy kop weer stadig na die TV. Korrel se TV speel 'n advertensie vir Klipdrift brandewyn. Na 'n rukkie staan Van Rijn op en gaan gooi vir hom koeldrank by sy yskas in. Korrel is vrek nuuskierig wat hy doen, want hy kan nie om die muurtjie sien nie. Korrel versigtig op om te loer net as van Rijn terugkom. Korrel blitsvinnig op bank. Van Rijn sit behaaglik en koeldrank drink. Korrel sit 'n ruk en staan doelgerig op en gaan maak yskasdeur oop. Dis leeg. Hy besef Van Rijn sit op sy boks drank onder die stoel. Hy kom sit en al twee kyk TV. Korrel raak al hoe meer lus vir 'n dop. Bemoerd staan hy op en stel sy rugby harder. Van Rijn bekyk hom en strip moer. Korrel sit en geniet sy 'power trippie' Van Rijn staan op en gaan sit sy glas op die tafeltjie agter. Korrel tevrede dat hy die geveg gewen het. Van Rijn slaan sy yskas toe en stap doelgerig na sy TV, stel die musiek harder, gee Korrel 'n kyk en gaan sit. Korrel strip moer en gaan sit sy TV nog harder. Hy sit net dan doen Van Rijn dieselfde met sy TV. As hy sit vlieg Korrel op en stel sy TV nog harder. Van Rijn is reeds op en stel ook

harder. Nou bly hulle daar staan en gluur na mekaar terwyl altwee die klank verbete al harder stel. Dit word oorverdowend).

Maatje (briesend op in Korrel se kamer met 'n asblik dêksel wat sy een of drie allamintige houe met 'n mop se steel of houtlepel slaan) **Stilte! STILTE!**
GATVERDARRIE! EK SEG STILTE! (Sy pluk eers Korrel se TV se kragprop uit en dan Van Rijn s'n. Altwee mans sit reeds soos soet kinders op hulle stoele. Doodse stilte. Sy blaas haar twee keer op soos 'n voetbal om hulle uit te trap, maar is só kwaad dat sy geen woord uitkry nie. Dan afgemete en gevaarlik kalm) **Nie 'n woord nie! Ek wil geen dônnerse woord hêr nie!** (Sy stap na deur en draai in Korrel se deur) **Nie een...** (Sy knyp haar ogies toe en maak so 'n knipgebaartjie met haar voorvinger en duim langs haar oor) **...klankie nie.... Of ek verwyder beide verdomde beeldradios voor een volle week uit hierdie kamer....** (Sy gaan uit en dônder die deur toe)

(Weer sit die twee in stilte en gluur na die dooie TV'S. Na 'n rukkie vlieg van Rijn op en gooi weer vir hom 'n koeldrank in. Korrel weet nou al wat hy doen en bekyk net die stoel waaronder sy boks drank is. Van Rijn kry 'n boek, kom sit en kom maak of hy lees. Korrel weet nie wat om te doen nie. Na 'n ruk strip sy moer, hy staan op en gooi vir hom 'n glas water uit 'n waterbottel uit die yskas. Daar is net genoeg water vir die een glas water in die bottel. Hy kom sit. Hy drink 'n sluk water en trek 'n aardige gesig asof hy die eerste keer in sy lewe 'n glas skoon water drink. Die glas is driekwart vol. Hy kry 'n lewendige belangstelling in die driekwartglas water. Van Rijn beloer hom uit die kant van sy oog. Korrel kyk weer na die stoel waaronder sy brandewynboks staan en dan weer na die glas wat nou net die regte hoeveelheid water in het vir 'n stewige dop brandewyn-en-water. Hy sit terug in die stoel. Sit 'n rukkie, dan wil hy vir Van Rijn iets sê en bedink hom. Sug en sit weer terug. Dan sit hy verbete vorentoe in die stoel en draai doelgerig na van Rijn)

Korrel (met nadruk): **VAN RIJN!** (Van Rijn laat sak sy boek en draai kop uit die hoogte na Korrel. Korrel se hand skiet uit na toiletdeur) **Kry jy NOOIT 'n noot nie!**

Van Rijn (vlieg ontsteld op en gluur na Korrel): **Nog net so bar soos altyd! Ongeskilde dêkselse aartappel! Geen salf te smeer nie!**

Korrel (veglustig op met sy neus teen Van Rijn s'n): **Ag so! Ag so! AG SO! Jou beledigings sal maak dat jou bek slae kry, Van Rijn! Ek is al jáááre lus vir jou!**

Maatje (in gang met helse klokkekabaal): **DIE AVONDMAAL IS GEREED! VYFUUR! ETE! ETE! Kom! Hup! Hup! Hup-hup!**

Korrel (laat sak sy vuiste en stap na sy badkamer): **Laat ek vir my bedwing... so waar as wragtag!**

Van Rijn (het sy gat afgeskrik, maar pluk hom gou reg en stap deur Korrel se kamer na deur van gang): **Laat ek my eerder nie ontstel nie...**

Korrel (vlieg in badkamerdeur om): **Ek waar woel jy nou heen? Jy het mos ‘n deur!**

Van Rijn: Daardie deur loop uit op die tuin, dis kortpad na die dorp en loop buite om die gebou na die voordeur! Hierdie deur loop uit op die gang en die eetsaal!

Korrel: Maar dit is my deur! Wat ek wil sluit!

Van Rijn: Normaalweg sou ons saam uitgaan om te gaan eet en saam terugkom sodra jy die deur weer oopsluit. As jy na die tuin of dorp wil gaan gebruik jy daardie deur of jy moet reg om die gebou stap om daar te kom. Dis normaal!

Korrel: Dit staan nêrens so op my kontrak nie! Net dat “Die Persoon Langsaan” my badkamer moet deel!

Van Rijn : ONS badkamer!

Korrel: So blêddie what! Ek wil nie saam met jou eet nie. Dis buitendien nog helder dag! Wie eet soos hoenders aandete in die dag? Hê? Hê? Hê?

Van Rijn : Hê? Hê? Hê? Tipies! Tipies! Tipies BOER!

Korrel : Blêrrie kapokkie! Die BOER gaan jou MOER! (Hulle begin weer dreigend na mekaar toe kom en Korrel tik Van Rijn voor die bors tot in sy kamer. Die volume slaan weer dak toe!)

Maatje (verskyn in deur): **Ag ZOOO!!!** (Van Rijn en Korrel laat sak dadelik hulle bokshandjies! Sy knyp haar ogies toe en maak weer so ‘n knipgebaartjie met haar voorvinger en duim langs haar oor) **Hoor ek miskien zoouou.. een klankie???**

Van Rijn (stap doelgerig na Korrel se deur om te gaan eet): **Verskoon my...**

Korrel (wil hom voorkeer maar loop hom in Maatje se hand vas): **Arrogante klein blik..**

Maatjie: Stop! Kalmeer! So Ja! Dat is goed... Dat is goed... (Sy tree sywaarts) **Nou toe kom!**

Korrel: Ek sallie! Ek sallie Ek sallie!

Maatje : Jy sallie en waarvoor nogals niet?

Korrel: Want ek gaan eers na MY badkamer. (Hy gaan tot in die deur en sy bly staan net daar) **En nou?**

Maatje: Ek wag voor jou!

Korrel (baie gevaarlik en sag): **Luister hier, Mejufrou van Zwolle. Wil jy nou wragtag op my kom inspekteer of ek sit en of ek staan?**

Maatje (spring een treetjie terug): **Oe, Moeder!**

Korrel (een tree nader): **UIT! Of ek slaan jou spantou en ek SLEEP JOU UIT!**

Maatje (nou so ietwat verskrik): **Oe, Moeder! Dis nie nodig om u zo op te pof nie. Loop soek dan self die eetzaal!** (Sy stap uit)

Korrel (gaan kyk of sy in die gang af is, Maak die deur toe en hol gou na Van Rijn se stoel. Hy tiep die stoel agteroor, sleep die boks Klipdrift uit, haal 'n bottel uit en sit dit neer. Na die boks weer ingeskuif is en die stoel in posisie gaan hy na sy yskas en gooi vir hom 'n dop. Hy sit die bottel in die yskas en bring die glas badkamer toe vir water): **Dêkselse ratelteef!**

Maatje (buite in gang): **Kom je tog nou! Jy gaat die eetzaal niet kryge!**

Korrel (kry 'n plan. Hy kyk terug yskas toe en gaan haal die bottel en neem dit saam in badkamer toe. Hy vroetel daar met die toiletbak se boonste deksel en kom dan uit met sy drankie): **Ja, cheers ou Korrel...** (Sluk die dop af) **Laat ek nou wragtag 'n botteljie dop in 'n toilet-resevoir'tjie moet wegsteek** (Hy sit leë glas in die yskas, vat sy sleutel mompel weer) **So did my kingdom come! Ja! So did my kingdom come!** (Hy's uit en die deur word gesluit. Buite in 'n goeie luim) **Mejufrou Zwolle! Het iemand al ooit vir jou gezê vir jou ouderdom het jy nogals 'n luimige agterstewe!!** (Sy laat val die klokkespel en ligte vinnig uit).

EINDE TONEEL 3

TONEEL 4

Dit is ongeveer 'n uur later en Korrel sit reeds met sy slaapklere – bestaande uit 'n broek en 'n groot T-hemp op sy bank en TV kyk. Dit is WWW- rofstoei met die nodige geskree op mekaar. Op sy T-hemp staan groot geskryf GET HIGH ON MILK. Wat daar onder staan kan nie gesien word nie weens die manier waarop die hemp gevou is. Hy het alweer 'n dop geskink en die glas is amper leeg.

Korrel (totaal gefassineer deur die stoeiery op die TV): **Dis hy! Knyp hom! Slaat hom spantou.!!! Neuk hom met die stoel! Daa's hy! Lights-out!**

Van Rijn (probeer die deur van buite oopmaak, maar dit is gesluit. Hy pluk die handvatsel 'n paar keer op en af): **Korrel van Graan! Ek sê.... Korrel van Graan! Maak oop die dêkselse deur!**

Korrel (kyk gesteurd in die rigting van die deur): **Hê?**

Van Rijn (pluk die handvatsel weer 'n paar keer op en af): **Ek sê... Maak oop die dêkselse deur!**

Korrel: Toe ek sê 'ek loop' toe sit jy daar en nonsens praat met die ou tannies en bestel wêér tee! Ek laat my nié vermaak nie!

Van Rijn: Sluit oop die dêkselse deur!

Korrel: Ek het jou gewaarsku! Maar nee... Jy bestel wêér tee! So! Jy het mos 'n deur! SO! Komaarom! Komaarom! Komaarom!

Van Rijn (besluit om om te loop): **My Magtag! En ek is 'n man met beleggings!**

Korrel (kry sy skelm laggie en begin sittende so 'n heen en weer dans met sy arms uitvoer) **Daddadoe, daddaoe, daddadoe!** (Hy slaat sy dop weg sit die glas onder sy stoel) **Touch-down! Round number three!** (Hy geniet sy dansie so dat hy opkom en staande die dans intensiveer) **Daddadoe, daddaoe, daddadoe! Ha! Ha! Daddadoe, daddaoe, daddadoe!** (Op sy T-hemp staan onder GET HIGH ON MILK - OUR COWS ARE ON GRASS. Hy gaan spoel die glas dansend in die kombuis uit en gaan bêre dit in die yskas. Hy begin sy bed opmaak en pak rofweg klere uit die tas in die kas)

(Na 'n rukkie probeer Van Rijn sy eie glasdeur van buite oopmaak. Sy sleutel sit aan die binnekant en dis gesluit!).

Van Rijn (pluk die handvatsel 'n paar keer op en af): **Korrel van Graan!**

Korrel : Jip!

Van Rijn: Maak oop die dêkselse deur!

Korrel: Dis jou deur! Maak hom self oop!

Van Rijn: Die dônnerse ding is gesluit!

Korrel (pak nog klere uit en stuur van Rijn se stemtoon tydens hul ontmoeting vanmore hemelhoog op!): **My, magtag! Dat 'n geleerde man, soos Mnr. Peter-Schalk van Rijn, Direkteur van maatskappye... onder andere.... nou so onnosel kan wees om homself uit te sluit!** (Hy pak verder uit terwyl hy sy dansie doen) **Daddadoe, daddaoe, daddadoe! Ha! Ha! Daddadoe, daddaoe, daddadoe!**

Van Rijn (na 'n rukkie heel beteuterd): **Asseblief...**

(Korrel het nou net sy Bybel uitgehaal en kyk gevries na die Boek)

Van Rijn (na 'n rukkie weer): **Mooi asseblief...**

Korrel (kyk om in deur se rigting en weer na die Boek. Hy gee 'n grom, sit die boek onder sy kussing en stap oor om deur oop te sluit. Hy draai die sleutel en kom terug na sy kamer. Hy besef Van Rijn kom nie in nie): **Kom in. Ek gaan wragtag nie die deur nog vir jou kom oopmaak ook nie. Wie de hel dink jy is jy?** (Doodse stilte. Korrel strip moer en gaan maak die deur oop) **My magtag!** (Daar's niemand. Van Rijn het reeds begin omloop kantoor toe na sy laaste 'asseblief'. Korrel skree buite agter hom aan). **Van Rijn! Waarheen woel jy nou! Ek het mos die dèkselse deur oopgesluit! Kommarin, kommarin, kommarin!** (Hy kom pak sy klere finaal uit) **Dis partykeer dêm swaar om 'n Christen te wees!**

Van Rijn (In. Hy weet nie wat om te doen nie. Dan gooi hy daardie 'ek-sal-maar-éérder-gaan-slaap' houding! Hy vat sy nagklere en wit japon en stap tot voor Korrel wat reeds weer TV kyk. Hy moet tussen die twee deur. Hy twyfel): **Dankie.**

Korrel: Vir wat?

Van Rijn: Vir die deur.

Korrel: Uhm... (Stilte. Hy kyk op) **Nou wat nou?**

Van Rijn (beduie met sy hand voor die TV verby): **Mag ek???**

Korrel (lig sy vinger. Aandag op die TV): **Net so oomblik.... daaa....sy, daa...sy DAASY! MAN DOWN!!!** (Hy sit terug in die bank en swiep sy hand ligtelik in die rigting van die badkamer deur) **Oukei!**

Van Rijn (verby na badkamer): **Dankie...** (Af)

Korrel (nou vreeslik verveeld. Hy gaap. Hy sit die stasie oor en dit is nuus in Sesotho. Daarvan verstaan hy weinig. Hy gaap weer en rek homself uit. Hy gaan sit die TV af en gaan klim in die bed. Bedliggie bo kop teen muur aan. Hy wip en draai so twee keer in die rondte en gaan lê. Hy lê op sy maag. Hy voel die Bybel onder die kussing en haal dit uit. Dit hang aan sy hand langs die bed. Na 'n rukkie begin sy gewete hom pla, hy sit regop teen die bed en slaan die Bybel oop. Hy begin lees en steek vas): **Dat dit nou wraggies my luck moet wees! Die Tien Gebooie!** (Hy lees en vergeet van als om hom. Dan sit hy die Bybel onder die kussing en kniel by die bed om te bid)

Van Rijn (uit badkamerdeur. Hy bekyk Korrel): **Soek jy 'n pot?**

Korrel (kyk woedend op): **EK BID!**

Van Rijn : Skuus! Regtig! Groot ekskuus! Baie jammer! (Hy is haastig oor na sy kamer terwyl Korrel in die bed klim. Van Rijn sit sy goed in sy kas en besluit om TV te

kyk, Dan weer daarteen. Hy sit sy bedlig aan, neem sy boek en kom lees op die stoel . Hy 'lees')

(Korrel sug, en draai om met rug na die muur. Dan sit hy sy lig af en draai weer om met gesig na muur)

Van Rijn: En nou?

Korrel: 'n Melkboer slaap vroeg.

Van Rijn: O. (Na 'n rukkie) **Pla die lig?**

Korrel : Nee. (Hy draai weer op rug, rangskik die kussings op en lê en kyk na die dak. Na 'n rukkie begin hy lag. Van Rijn bekyk hom so effe van die kant af. Korrel het bedaar. Stilte. 'n Suggie) **Aag ja...** (Hy bars weer uit van die lag!)

Van Rijn (nou ook geamuseerd): **Wat?**

Korrel: (in Van Rijn se stem): **Verbeel jou! Soek jy 'n pot!!!!**

(Al twee begin lag en die lig doof stadig uit... Rustige musiek speel deur die oorgang)

Einde toneel 4

Toneel 5

(Dit is halfvyf die volgende oggend en nog pikdonker buite. Korrel se bedlamp is aan en hy skeer, klaar aangetrek in die badkamer. Van Rijn slaap nog)

Korrel (sing uitgereken en vrolik): **Oooooouuu... Ryperd! Huh Huh Huh huh Huh Huuuuh.... Oooooouuu... Ryperd! So deur die lewensbane... Huh Huh Huh huh Huh Huuuuh.... Wanneer jou lyf lekker is. Jyyyy... ou Ryperd van my... (Dan met volle volume) Jippie jippie jip!**

Van Rijn (vlieg regop in sy bed): **Huh?**

Korrel: Jippie jippie jip! My ou Pêêêrd.... Daar's voer en rus. Wees maar gerus my ou Pêêêrd....

Van Rijn (sak moedeloos terug in sy bed en druk die kussing oor sy ore): **Aaauh!**

Korrel: Dra my oor die rivier se brug. Dra my op jou lekker ou rug. Na my nooi Sanniéééé... die dogter van tant Anniéééé ... oppie plaas... (Dan weer met volle volume) Jippie jippie jip!

Van Rijn (vlieg regop in sy bed): **AAAAAG!**

Korrel: Jippie jippie jip! My ou Pêêrd....

Van Rijn (vlieg uit die bed uit op en trek sy japon aan): **Nee, liewe magtag!**

Korrel (uit badkamer met skeerseep aan die wang): **Hoesê?**

Van Rijn: Meneer Van Graan... Wat dink jy doen jy?

Korrel: Nou-hoe-dan-nou-hoe-dan-nou-wat?

Van Rijn: Wat maak jy?

Korrel: Ek skeer.

Van Rijn : Dit kan sien. Is dit nodig om dit op die maat van musiek te doen?

Korrel: Maar ek dag jy hou van musiek? Jy't gister op die TV...

Van Rijn (tik op sy horlosie): **Dit... is ... halfvyf in die oggend.**

Korrel: Ek weet. 'n Melkboer staan vroeg op.

Van Rijn: Dit kan nie. Nie hier nie.

Korrel: Dit kannie anders nie. Dis in my gesternte in –na 45 jaar! Halfvyf op! (Hy draai om en gaan skeer verder in badkamer)

Van Rijn: Nou probeer dan net STIL wees! (Trek sy japon uit en na bed)

Korrel (loer vlugtig in deur badkamerdeur): **Sorrie!**

Van Rijn (in sy bed met gesig gedraai na muur): **Goed.** (Hy lê net lekker dan trek Korrel die toilet. Van Rijn vlieg op en haal twee sneesdoekies uit sy boksie, lek dit nat, draai dit punte en druk dit as oorpluisies in sy ore)

Korrel (kom uit deur van badkamerdeur en sien dit): **Sorrie!**

Van Rijn (gee hom net 'n kyk en gaan klim in sy bed): **Uhm..**

Korrel: Oukei... (Hy loop op sy tone na venster en maak dit oop, maak 'n paar strekoefeninge, draf op een plek, rol sy nek, trek een heup op en poep) **Appels!** (Hy vries net so)

(Van Rijn weer regop in bed, wagtend dat iets gebeur. Niks gebeur nie en hy probeer weer slaap)

(Korrel hoor hom omdraai en ontspan sy houding. Wat nou? Hy wil TV toe. Maar besluit daarteen en gaan sit op die bed. Hy doen niks en na 'n 'n rukkie gaap hy. Hy wip 'n slag op die bed. Bevoel die kombers. Dan trek hy sy skoene uit en gaan lê klere en al op sy bed. Hy sit sy bedlig af. Dis nou vuilskemer buite. Die bed kraak)

(Van Rijn het intussen regop gesit en aandagtig geluister na wat aan die ander kant aangaan. Hy hoor die bed kraak, sien die lig afgaan en sak terug in die bed. Al twee draai hul gesigte muur toe. Daar is 'n salige stilte en albei blyk aan die slaap te raak. Buite koer die duifies en die voëltjies sing vrolik)

Kingdom (loer deur die venster en sien Korrel salig slaap. Sag by homself): **Hau, bona mauthwauthane enwa wa sethotho o robetse jwang (Sotho vir) ‘Hauw! Kyk nou so! Dis die bliksem wat my 45 jaar halfvyf uit die bed kom jaag het om te melk!** (Dan presies en kliphard soos Korrel sou sê) **Nee, magtag! OPSTAAN! Die koeie se melk word suur in die spene! Jy moet nie lê en poep ruik nie, jong!**

Van Rijn (het reeds opgespring met die pluïesies in sy ore): **Jou MOER!!!** (Hy hol na sy tafel, gryp 'n tafelmes en begin rondom hom steke in die wind uitvoer)

Korrel (het ook opgespring en sien Kingdom in die venster): **Kingdom, jou dooie dônner! Jy sal laat ek my in 'n anorisme in skrik!**

Kingdom: **Nee! Maar ons is mos melkboere! Vroegdag hanekraai... pure rypstappers!**

Korrel : **Nee, Ek is láánkal wakker!** (Hy gaan lê weer op die bed) **Ek toets net sy lê.**

Kingdom: **Hao, utlwa fela hore o bua leshano le jwang fela o kena kereke, mo kereki ya hlahlwa. (Sotho vir ‘Hoor hoe lieg hy! En dan’s hy nogals ‘n kerkmens!’)**

Korrel: **Hoesê?**

Kingdom: **Nee, ek sê dis wáár... Dis wáár!**

Van Rijn (begin wieg op sy voete. Pateties): **Help....** (Hy val van skok agter sy stoel flou in die kamer langsaan. Die mens val knetterend uit sy hand)

Korrel (kom om na Van Rijn se kant): **Van Rijn???** (Hy sien hom nie) **Van Rijn???** **Waar de hel is jy?** (Dan sien hy hom lê) **Kingdom! Kom help hier!**

Kingdom: **Meneer?**

Korrel: **Klim deur man!**

Kingdom: Deur die venster? Ek is 'n ou man! (Hy klim skrikkerig deur venster)

Korrel: Lyk my die ou papbroek het flou geword!

Kingdom (ook nou by): **Jwale hobaneng o tshohile tjena, hmmm?**

Korrel: Hê?

Kingdom: Nee, ek sê, waarvoor sou hy so geskrik het?

Korrel: Vat daar! (Hulle vat hom aan die voete en skouers en gooi hom taamlik sonder seremonie op die bed – kopkant agtertoe. Korrel staan agter sy kop en Kingdom sit langs die bed en waai oor sy gesig met sy hande) **Kom nou! Kom nou!**

Kingdom (sien dit werk nie want Van Rijn maak net sulke kreungeluidjies): **Miskien moet meneer hom 'resurrect!'**

Korrel: Hoe meen jy?

Kingdom: Gee hom die 'kiss of life!'

Korrel: WAT?

Kingdom: Die 'KISS OF LIFE!!'

Van Rijn (sit vervaard regop): **Dit sal die blêddie dag wees!!** (Dan raak hy weer flou en val terug) **Aaaa...**

Kingdom: Daar groet hy wee'

Korrel (na stoel wat hy tiep): **Kingdom! Sleep daai boks hier uit en haal uit!**

Kingdom (doen so en sien dit is brandewyn): **Tsjoe tsoe tsooeee! Dís die medisyne!**

Korrel: Maak oop! (Kingdom het die bottel uit en Korrel laat sak weer die stoel oor die boks brandewyn) **So ja!** (Hy is weer terug by Van Rijn se kop en waai hom koud)

Kingdom (het die bottel oop en vat blitsvinning 'n sluk): **AAAH! Ja! Dís die medisyne!**

Korrel (maak Van Rijn se mond oop): **Gooi!**

Kingdom (gooi en van Rijn sluk en kom regop met wydgesperde oë en sak weer terug): **Daar groet hy wee'**

Korrel (maak Van Rijn se mond weer oop): **Gooi!**

Kingdom (gooi weer en van Rijn sluk en kom regop met wydgesperde oë): **AAAAA!!!**
Lekker nê? (Van Rijn sug en val weer terug. Kingdom gooi weer) **Lyk my hy raak hom nou gewoond!**

Korrel: Nee hokaai nou! Loop druk daai knoppie bokant my bed! (Hy vat die bottel by Kingdom) **Die rooie!**

Kingdom: **Die rooie? Tsjoe tsoe tsooeeee! Daai man hou hom siek! Nét vir die medisyne!** (Hy druk die knop en 'n helse alarm gaan af) **JOU MOE....** (Hy weet nie waarnatoe om te gaan nie)

Maatje (buite in gang): **Wat voor op dese lieve aarde skop julle daar zo 'n allemintige rumoer op!**

Kingdom (hol by die badkamer in as hy Maatje se stem in die gang hoor): **Jo nna wena, jwale ke masepang!**

Korrel: Hê

Kingdom: Nee, ek sê, hier kom die GROOT MIS!

Maatje (ruk aan Korrel deur): **Maak hier ope! Ek sê SLUIT HIER OPE!**

Korrel (sit die bottel drank neer langs Van Rijn se bed en kom sluit die deur oop): **Ek kom! Ek kom!! Trompetbek!**

Maatje (in): **Zooo... Wat op deze lieve aarde gaat julle zo tekere? Die tyd van die more terwyl die molle nog hul weë bewandel?**

Korrel (stoot haar na Van Rijn se kamer): **Dis Van Rijn. Hy't flou geword!**

Maatje: Voor wat?

Korrel: Voor my!

Maatje: Wat voor?

Korrel: O! Nee, ek weet nie?

Maatje (agter van Rijn se kop terwyl sy hom koudwaai): **Ek het ook met een donderslag wakkergekrik! Gedag ek hoor een inbreker dat uitgil "OPSTAAN! Die koeie se melk word suur in die spene! Jy moet nie lê en ..."** Wel... een onwelvoeglik aksie!

(Kingdom loer by badkamer uit en bekyk die spul ongesiens)

Maatje: Ek dag dis my verbeeldingryk verbeelding?

Korrel: Dalk was dit!

Maatje: Wat maak ons nou?

Korrel (Hoopvol): Moet jy hom nie... klap nie?

Maatje: Ben je bedonnerd of vreet je wel poffertjies? Pomp hom!

Korrel: Wat?

Maatje: Pomp hom! Pomp sy bene... voor die luginlaat!

Korrel: Inlaat?

Maatjie: Ja! Pomp!

Korrel (begin sy bene met mag pomp): Dit werk nie! Gee hom ‘the kiss of life!’

Maatje: ‘The kiss of life?’ Ja wragtig! Dat moet! Dat moet! (Sy gee hom kunsmatige asemhaling en hoekom lyk dit dan of sy die kus begin te geniet?)

Korrel: Moet jy nie asemskep nie?

Maatjie (kyk skuldig op en skep asem voor sy weer wil begin. Net voor sy weer sy mond raak kom sy stadig op en lek haar lippe af): **Deze geur? Deze smaak? Deze man is gezuip!** (Sy ruik aan hom en lek weer lippie af) **Voorwaar GEZUIP!**

Korrel: Sowaar?

Maatjie (staan op en sien die brandewynbottel langs die vloer): **A! Die evidensie! Positief GEZUIP! Gee pad voor!** (Sy tel Van Rijn fisies tot in ‘n staande posisie met haar hand voor sy bors) **Daarvoor is daar tog medizyne!** (Sy gee hom ‘n helse klap en Van Rijn is onmiddelik swaaiend op sy voete en by sy positiewe) **So ja! Welkom terug uit feetjieland!** (Sy los hom soos ‘n sak patats en hy kom sittend op sy bed te lande)

Van Rijn (begin bedremmeld sing – duidelik ook te veel brandewyn op ‘n leë maag): **Al die veld is vrööi..lik.. Al die vööeltjies siiii..ing!**

Korrel (ontrek agteruit van die situasie na sy kamer): **Tipies! Tipies! Tipies direkteur van maatskappye!!**

Maatje: Van Rijn! Jy is ‘n skande vir Huis Zoeterjare. Pluk jouself op in die klompe! Gatverdarrie!

Van Rijn (gaan lê weer stadig terug op sy bed en woel homself snoesig teen die muur): **Voetsêk!** (Sing vrolik voort) **Al die lammertjies... HOP! HOP! Ek sal melkies brie...ing!** (Hy slaap amper) **Koebaaaaiii!!!** (Uit soos 'n kers)

Kingdom (se kop verdwyn net betyds weer in die badkamer): **Tsoe, tsoee!!**

Maatje (vat die bottel brandewyn saam op pad na Korrel se deur): **Die gerespekteerde Minheer van Rijn??? Hoe onverdraaglik treurig tragies?**

Korrel (sien sy bottel brandewyn voor hom verbygaan deur toe): **Nou waar woel jy nou met daardie mannetjie heen? Hy mos geheel en al onskuldig?**

Maatje (steek vas): **Onskuldig? Maar dis tog die evidensie! Die getuigenis?**

Korrel: Dis dalk net 'persoonlike medisyne'? Jy tog gesê ons mag 'persoonlike medisyne' in ons yskas hou? Gee. Ek sal dit vir hom hou!

Maatje (kom weer van deur af vorentoe tot regs van sy bank): **Laat ek jou wys wat ek van zogenaamde 'persoonlike medisyne' dink Mijnheer Korrelkop van Graan!** (Sy begin die bottel stadig skuins draai totdat dit amper uitloop en storm daarmee na die badkamer om dit te gaan uitgooi. Sy stamp die deur oop en sien vir Kingdom) **Een Zwartse! AAAHHHH!!!!** (En val agteroor flou in Korrel se arms wat reeds agter haar aangehol het om te keer)

Korrel (staan met haar in sy arms): **Kingdom, magtag! Help my?** (Hy sleep haar terug uit deur)

Kingdom (in met die bottel wat hy gered het): **Jwale ho senyehile tengtengteng (Sotho vir) Nou's die deng by die drinkwater! Hoenou?**

Korrel (kry sy skelm kyk en dan sy laggie): **Boereraat?**

Kingdom (klik en begin ook lag): **Boereraat!**

Korrel: Gooi!

Kingdom (gooi versigtig en die flou Maatje sluk bedees 'n paar slukkies): **Tsoe, tsoe, Tsoeee!** (Maatje gee 'n rilletjie en sak weer terug) **Daar groet sy ôk!**

Korrel: Vat vas. (Hulle tel haar aan die voete en skouers op, dra haar na die bed en lê haar versigtig langs Van Rijn neer)

Kingdom: Tsoe, tsoe, tsoeee!

Korrel (sag): **En nou gaan ek en jy dorp toe en ons gaan kuier vir jou mense. Ek wil darem sien of jou blyplek reg is!**

(Hulle loop oor na sy kamer, Korrel sien die bottel, tel dit op en glip dit onder sy baadjie in)

Korrel: Koebaai, geagte Evidensie!

(Hulle maak 'n handomkeer by die gangdeur, sluip terug na Van Rijn se kamer, sluit die deur oop en glip uit. Deur toe. Na 'n rukkie draai van Rijn deur die slaap na sy gesig weg van die muur en gooi se arm oor Maatje se lyf. Sy gee so 'n wippie op haar sy en woel lekker met haar rug styf in sy lyfkontoere vas. Buite sing die voëltjies te heerlik en dit gaan oor in 'n ligte musikale weergawe van "Al die veld is vrolik...." terwyl die ligte stadig doof... Dit is pouse – indien so verkies.)

Einde toneel 5

Toneel 6

(Omtrent 10 uur dieselfde dag)

Maatje (word halfpad wakker en woel haar weer teen sy lyf vas. Dan draai albei toe-oog om en sy gooi haar arm lekker om sy lyf. Hulle lê 'n paar sekondes, dan sit Maatje skielik regop en sy staar voor haar uit. Sy waag dit om langs haar te kyk en sien Van Rijn lê): **O, Moeder! O, Moeder!!** (Sy vlieg vervaard van die bed af op snol na Korrel se kamer. Sy sukkel by die deur wat gesluit is. Vasgekeer! Sy voel of al haar klere nog aan haar lyf sit en of al haar 'dele' nog daar is). **O, Moeder!!!** (Dan sien sy die sleutel op die bed lê, sluit die deur oop en hol uit in die gang. Van Rijn het reeds effe wakker geword en sit verdoof regop op sy bed. Het hy 'n stem gehoor of nie?)

Korrel (van die dorp af in gang na sy deur): **Môre, Matrone! Besig met kamerinspeksie?**

Maatje (in gang): **Uit my pad, jou jou... Gee net pad voor my!**

Korrel (staan in die deur en lag): **Geeftige Geitjie!** (Vir homself) **Ai! Net te laat vir die spektakel!**

Van Rijn (staan op sy voete en wieg. Hy voel glad nie lekker nie en weet glad nie wat hom getref het nie): **Ek dink.... Ek dink....**

Korrel (in): **Môre, Van Rijn, maar jy slaap laat nê?**

Van Rijn: **Ek dink ek het 'n ligte beroerte gehad.**

Korrel : Nonsens man! Jy's oorslaap – dis al!

Van Rijn (sit bewerig op die stoel): **Nee... Ek het stemme gehoor en die vreemdste drome gedroom! Van 'n vrou... wat... wat...**

Korrel: Spaar my tog die detail, Van Rijn! Jy't gedroom - of dis jou verbeelding...

Van Rijn (ruik in die lug): **Maar dis so wáár! So nóú! Ek kan die vrou nog ruik!**

Korrel: Twak man!

Van Rijn: Hulle sê as mens 'n ligte beroerte kry verskerp die ander sintuie! Ek sweer ek ruik haar! Aan my lyf!

Korrel: Man jy moet jou kop laat lees!

Van Rijn : Sit my gesig nie skeef nie?

Korrel: Niks meer as vanmore nie!

Van Rijn (wil nou naar word): **My maag... Oeps! Verskoon my.. Oeps!** (Hy hol na die badkamer en maak dit toe)

Korrel: Dis nou Klipdrift op 'n leë maag! (Hy stap na venster waar Kingdom reeds verskyn het) **Daar's hy, Kingdom, bring maar nader!**

Kingdom (in by venster met nuwe hark, vurk en graaf): **Tsoe, tsoe... Tsoee! So nuwe graaf sal diep spit!**

Korrel (haal sakkies saad uit en sit dit op die vensterbank): **Hier's als wat ons nodig het. Daai mense van jou kry darem te swaar!**

Kingdom: En die grond is papnat vannie water vir al die rosietjies en blommetjies en gras en al daai gemors! Ons tiep hom nou! Two tieks! (Hy verdwyn uit venster en begin buite spit) **Kom kyk hoe gooi 'n man nog graaf, Meneer.**

Korrel (op pad na Van Rijn se deur): **Ek kom!** (Op van Rijn se bed sien hy iets lê en tel dit op) **AHA!**

Van Rijn (op uit badkamer): **Hy trek nie?**

Korrel: Wat?

Van Rijn: Hy wil nie trek nie?

Korrel: Wat wil nie trek nie?

Van Rijn: Die toilet haak vas. Die handvatsel wil nie af nie!

Korrel (wil loop): **Nou maak die dêkselse ding reg!** (Dan beseft hy wat die rede kan wees) **Of nee wat. Laat ek gou kyk wat's die fout.** (Hy wil badkamer toe)

Van Rijn: Nee ek sal self kyk (Wil in)

Korrel (haal hom omtrent uit die deur): **Nee man! Ek sê mos ek sal kyk!**

Van Rijn (haal Korrel omtrent uit die deur): **Jy sal nie! Dis my... goed! Ek sal kyk!** (Hy is in en hy haal die dêksel af)

Korrel (terug in kamer, by homself): **Honnepatrollie!**

Van Rijn: AHA! (In met bottel brandewyn): **En dit?**

Kingdom (wil iets by die venster vra, sien wat aangaan en hou die spulletjie op): **Tsoe, tsoe, tsoeee!**

Korrel: Hoenou?

Van Rijn: Wat's dit?

Korrel (onskuldig): **Dis brandewyn.**

Van Rijn : Brandewyn

Korrel: Ja. Brandewyn. (Verbaas) **Haai! Het jy nog nooit brandewyn gesien nie, Van Rijn?**

Van Rijn: Ek kan sien dis brandewyn! Wat soek dit in die toiletbak bo?

Korrel: Water?

Van Rijn: My magtig, van Graan. Wat soek die bottel brandewyn in die toiletbak bo?

Korrel: Skuilplek?

Van Rijn: Aan wie behoort dit?

Korrel: Seker aan jou! Hou dit maar! Optelgoed is jakkals..

Van Rijn: Van Graan! Hierdie bottel behoort aan jou en jy het dit daar weggesteek en ek gaan jou nou onmiddelik rapporteer aan Mejufrou van Zwolle en hulle sal vir jou hier uitgooi!

Kingdom: Jo nna wena, jwale ke masepang

Korrel: Hê?

Kingdom: Nee, ek sê, hier kom die GROOT MIS! (Hy verdwyn voor die venter)

Van Rijn (klikbek na deur): Mejufrou van Zwolle! Mejufrou van Zwolle!!

Korrel: Hô nou eers man! Wie't jou magistraat gemaak!

Van Rijn (by deur): Mejufrou van Zwolle! Mejufrou van Zwolle!! Kom tog hier! Snel!

Maatje (op vanuit gang): Wat voor op dese lieve aarde skop julle alweer zo een allemintige rumoer op! Het de honds dol julie nou altwee in die kop gekruip?

Van Rijn (vermaaklik): Ek het iets vir u hier agter my rug! 'n Onomstootlike bewys!

Maatje: Van wat?

Van Rijn: Jy sal sien! Hierdie man, Meneer van Graan, het hierdie (hy pluk die bottel agter sy rug uit) 'verbode middel' in Huis Soeterjare ingesmokkel!

Maatje: Maar my liewe MOEDER?

Van Rijn: En soos u weet is dit teen die reëls! Ek dring aan dat hy voor die komitee...

Korrel: Stadig nou Van Rijn. Jy beskuldig nou 'n onskuldige man! Mejufrou van Zwolle ken u ... swakheid!

Van Rijn: My wat?

Maatje: Jóú swakheid, ja!

Van Rijn: Mý swakheid?

Maatje: Wie sou dit nou ooit van u kon dink?

Korrel: Die eerbare, gekultiveerde Van Rijn?

Maatje: 'n Skelm drinker!

Van Rijn: ‘n Skelm drinker?

Korrel: ‘n Skelm drinker!

Maatje: U was so effe nog so gezuip soos een Russies matroos in Amsterdam se Wallestjiesstraat! Skandalig!

Van Rijn : Gesuip? Matroos? Wallestjiesstraat! Hoe durf u?

Korrel (kalmerend soos vir ‘n kind): Kom nou Van Rijn. Dis nie nodig om horries te kry nie! Gee dit vir my... (Hand uit) Dis veiliger.

Van Rijn : Dit sal die dag wees. Dis getuienis!

Maatje: Minheer Van Rijn, kalmeer tog! Maak u hande bak voor u gesig!

Van Rijn (doen dit verdwaas): Ja?

Maatje: Blaas u asem uit!

Van Rijn (blaas uit): Ja!

Maatje: Zuig u asem weer in deur u neussnawel!

Van Rijn (maak so en ruik die brandewyn. Sy oë rek.): Dis... dis...

Maatje: Brandewyn! Seker ook weer ‘perzoonlike medisyne’ nê?

Korrel: Gee maar vir my. Dan wys ek u wat ek van zogenaamde ‘persoonlike medisyne’ dink, Mijnheer Van Rijn. Dankie! (Hy stap na toilet om dit uit te gooi) En dit nogals van ‘n direkteur van maatskappye! (Uit en drank word uitgegooi. Hy kom tevrede terug en klap sy hande op mekaar terwyl Van Rijn hom net oopmond aanstaar.) Zo ja! Probleempie opge’zolve’. Kan ons nou rus en vrede hê, asb? (Hy gaan sit op sy bank)

Maatje: Dankie, Mijnheer van Graan. Dit blyk tog dat u vinnig aanpas en nog een zieraad vir huis Zoeterjare zal skyn te wees! Mijnheer Van Rijn. Ek zal u later kom berader oor u probleem. Wanneer u behoorlik nugter is! (Sy stap uit).

Kingdom (kyk weer deur die venster): Tsoe, tsoe. Tsoeee! (Hy verdwyn weer)

Van Rijn (bly net verdwaas staan): Ek weet van niks!

Korrel: Toemaar wat. Dit gebeur in die beste families.

Van Rijn (bekommerd): Van Graan...? Ek dink... ek het 'n ligte beroerte gehad of.. daarvan herstel? Dit kan tog nie ...waar wees nie?

Korrel: Toemaar my ou vriend. Ek sal jou help! Dis mos waarvoor 'kamermaats' daar is! Ons vergeet maar almal op die ouderdom sekere dingetjies. (Hy tik sy kop) 'Senior moments!' Dis wat dit is. 'Senior Moments!'

Van Rijn (gaan sit verdwaas op sy stoel): Maar dit kan tog nie! Dit kan tog nie! My goeie naam? Wanneer sou ek sogenaamd so aan die suip gegaan het?

Korrel: Dit was gisternag. Ek het jou hoor vroetel hier langsaan, en toe 'n gesteun en toe die die ge'glug-glug' van 'n bottel. Ek dag ek ruik iets. Maar helaas, ek het nie gedink dit was so erg nie. Toe kry ek die reuk! Pure brandewyn!

Van Rijn: 'n Gevroetel?

Korrel: Ja, so asof jy iets rondskuif. En toe die ge'glug-glug'. Maar vroeg vanôre toe's jy weer normaal en baklei met my oor my vroegopstanery.

Van Rijn: Maar dit onthou ek klinkklaar!

Korrel: En kort daarna toe raak jy weer mal! Gil en skree en steek met 'n mes in die kamer rond en toe slaat jy weer neer – 'lights-out' van die drank!

Van Rijn: Die skandaal! Hulle kan my hier uitsmyt!

Korrel: En toe die drome oor die vrouens! Te aaklig!

Van Rijn: Maar ek ruik die vrou nog aan my! 'Senior moments' sê jy?

Korrel: Ja. 'Senior moments'.

Van Rijn: Maar waar sou ek die goed kry? Ek kan nie onthou dat ek ooit...iets gekoop het nie?

Korrel (neem hom na sy kamer): Laat ons maar jou kamer deursoek. Dalk kry ons 'n kwitansie of so iets.

Van Rijn: Ek is nou so op my senuwees. Kyk jy asseblief. In my kas. Al my papiere is daar.

Korrel (kyk en voel in kas): Niks hier nie!

Van Rijn (beduie met sy kerie na die yskas): Dank die Vader! Daar?

Korrel (kry die koeldrak uit en ruik daaraan): Een bottel...

Van Rijn: Ag nee!

Korrel (hou die bottel uit): ...Koeldrank! Heel onskuldig.

Van Rijn (wys onder bed): Daar?

Korrel: Net 'n pot! En 'n paar stapskoene. (Op. Hy tel iets van die bed op) En dit?

Van Rijn: Wat's dit?

Korrel (hou mejufrou van Zwolle se naamplaatjie, wat afgeval het toe sy daar gelê het, na hom uit): Dis 'n naamplaatjie? (Hy lees) A! Van Zwolle! Matrone. Van Zwolle? Hier in jou bed?

Van Rijn: Wat?

Korrel: Mejufrou van Zwolle! (Hy slaan Van Rijn op die rug) Jou ou yster! En dit alles hier onder my oë!

Van Rijn: Maar dit kan tog nie? Dit kán tog nie?

Korrel: Toemaar! Ek sprak geen sprook nie! En ek ruik ook g'n niks 4711 aan jou nie!

Van Rijn: 4711?

Korrel: Ja!

Van Rijn: Maar die droom? En die drank? Hoe kan dit? Wat presies het jy gehoor?

Korrel: Wel, daar was 'n skuiwery! (Hy kyk na die stoel) Laat ek die ding tiep, dan kyk jy. (Hy tiep die stoel agteroor)

Van Rijn (sien die boks Klipdrift en verloor heeltemal kop): Dis daar! Dis wragtag Daar!!! Laat sak! LAAT SAK!

Korrel (maak so): Wat is daar?

Van Rijn (gaan sit vinnig op die stoel asof hy dit wil vassit in die grond. Omtrent 'n trane): 'n Hele boks brandewyn! Hulle gaan my hier uitsmyt! My goeie...

Korrel: Sjarrup Van Rijn! Wil jy hê die hele dorp moet hoor! Luister nou mooi vir my. Ek gaan jou deur hierdie ding dra!

Van Rijn : Maar as Mejufrou van Zwolle dit vind...

Korrel: Sjarrup Van Rijn! Sy gaan dit nie vind nie!

Van Rijn: Maar dis hier! (Hy vlieg op en tiep die stoel) Gaan gooi dit uit! Dadelik!

Korrel: Sjarrup Van Rijn! (Hy tiep die stoel weer oor die boks en maak Van Rijn sit op die bed) Wil jy hê die hele gang moet vrot van die brandewyn!

Van Rijn: Nou hoe dan? Ek sal dit op my oggendwandeling bottel vir bottel gaan weggooi in die veld!

Korrel: En elke more weer op jou oggendwandeling bottel vir bottel gaan uitsuip? Nee! Ek sê jou wat. Ons gooi elke aand 'n bietjie in die toilet af net voor ons finaal die 'Waterloo' trek vir die aand! Net so bietjie dat die reuk nie die hele wêreld vol rondsweef nie.

Van Rijn: Ja?

Korrel: En om jou nou van die behoefte te speen, raak jy nie weer aan een bottel nie. Ek sal dit klokslag elke aand vir jou doen! Binne 'n maand of wat is ons van die hele spul ontslae.

Van Rijn: En die leë bottels?

Korrel: Dié pak of weer terug in die boks en bêre dit onder die stoel. En as ek alles nou so weggewerk is oor die tydjie, laat ek dat Kingdom dit hier in die tuin begrawe.

Van Rijn: Maar dit kan nie? Daar's gras en gevestigde tuin! Rose en beddings!

Korrel: Op jou kant ja. Maar my kant het mos akkers!

Van Rijn (vlieg op): Akkers?

Korrel: Ja! My helfte van die tuin wat jy wederregtelik aan jousef toegeëien het en vol blomme en nikswerd gemors loop plant het gaan akkers word. Ek gaan boer op my deel!

Van Rijn: Bóér?

Korrel: Ja! Ek was vanmore by Kingdom se mense en hulle het niks groente nie! Ek gaan nie laat my ou staatmakervoorman op sy oudag omkap van te min groente nie! En die ou mense hier kan ook kry!

Van Rijn: Laat Kingdom se mense hulle eie dêkselse groente plant!

Korrel: Hulle het nie water nie en jy mors water op rosie'tjies en gemors wat mens nie kan eet nie!

Van Rijn: Rosie'tjies en gemors? Jou ongekultiveerde AAP! (Dreigend na hom) Jy sal dit nie waag nie!

Kindom (in venster): Meneer? Meneer! Die spitwerk is klaar! Die Oubaas kan maar kom saai en hark!

Korrel: Ek gaan nou plant en saai! Op my eie stukkie grond. En probeer jy my keer, gaan hierdie ongekultiveerde aap vir jou opdônner dat Darwin al sy boeke sal moet oorskryf!

Van Rijn (hol na sy venster en sien die omgedolwe tuin aan Korrel se kant): Totale dêkselse waansin! Dis wat dit is - WAANSIN!

Korrel (om na sy kamer en kry die saad): Dankie, ou Grote! Hier gaat ons ons onselwers en jou hele familie dik voer! Boontjies... wortels... uie... (Hy stap deur Van Rijn se kamer na die glasdeur na buite terwyl van Rijn hom net stomgeslaan aankyk) kool... skorsies, beet en knoffel!!!! (Uit)

Van Rijn: Dit wil ek nog sien (Hy stap doelgerig na die gangdeur) Mejufrou van Zwolle! Mejufrou van Zwolle!

Korrel (loer deur sy venster net voor van Rijn by Korrel se deur wil uit gang toe): Van Rijn! Roep maar vir van Zwolle! Maar, jy vergeet van een.. nee twee dinge! (Hy beduie na die stoel se kant toe en mimeer 'n man wat uit 'n bottel drink) 'Glug-Glug-Glug' en (Hy hou die naamplaatjie van Van Zwolle triomfantlik in die lug) Ou.. Rypaaaard! Ons ry die pad tesame.... Ou Rypaaaard! So deur die lewensbane. Wanneer jou rydag oor is, wanneer jou lyf lekker is. Jy... Ou Rypaard van my (Van Rijn se mond hang net oop en hy bly staan)

Kingdom (verskyn en sing saam met Korrel): Jippie Jippie Jip, Jippie Jippie Jip, my ou pééééééerd.... daar's voer en rus en jy bring my terug ou Péééerd!

(Lig doof uit op die koortjie en van Rijn.)

Einde toneel 6

Toneel 7

(Dis halfnege in die oggend 'n paar weke later)

Kingdom (buite in tuin): **Goeiemôre, Meneer!**

Van Rijn: **Man, môre jousef! Wat is nou so goed aan hierdie môre?** (Hy kom by sy glasdeur in en sit sy TV aan. Hy is nie in 'n goeie bui nie) **'n Pragstuk van 'n tuin wat die tuinkompetisie loshande sou wen! En nou? 'n Akker vol erte!**

Kingdom (loer deur sy oop venster met 'n paar pragtige geelwortels in sy hand): **Maar ons kan hulle darem eet! Kyk hoe mooi is hulle! Hang soos donkie se ...**

Van Rijn (vlieg om): **Ek wil dit nie hoor nie! En ook nie sien nie!**

Kingdom: **Maar julle ou mense eet ôk maar lekker saam aan die vars goeters daar by die tafel nê!**

Van Rijn: **Luister! Ek wil NUUS KYK! Nie HOOR nie!**

Kingdom: **Ai! En die Meneer lyk deesdae so goed en gesond! Dit moet of die vars groentegoed wees of dié lat meneer nou die al drie weke die brandewyn gelos het!**

Van Rijn (vlieg weer om in stoel): **Luister Hot... en haar! Ek het nie eers geweet dat ek gedrink het nie. Om eerlik te wees ek betwyfel dit ten sterkste!**

Kingdom: **Hulle sê almal altyd so! Vergeet Meneer van daai ruik?**

Van Rijn: **Ek weet nie meer links of regs nie! En jy en die verdêkselse Mejufrou van Zwolle karring net eenvoudig aan en aan! Loop ert jou aartappels!**

Kingdom: **Tsoe,tsoe Tsoeee! Maar die Meneer is kwaai! Pure ou bul!**

Van Rijn: **Wat sê jy?**

Kingdom : **Nee, ek sê maar net die Meneer is soos die ou bul wat nie by die koeie kom nie! Meneer moet maar vir die Kgodimodimo yane e matswele a maholohadi vat!**

Van Rijn: **Wie?**

Kingdom: **Daai antie met die ... (hy beduie Zwolle se borste) ..hauw! Hy kom mos éleke dag praat met die Meneer!**

Van Rijn: **Man, loop grou uie of doen tog net iets!**

Kingdom: Die uie? Tsoe, tsoe, tsoee! Hulle kom ôk mooi aan! (Hy verdwyn om verder in die tuin te werk)

Maatje (klop aan Korrel se deur. Baie verloklike stemmetjie?): **Mijnheer van Rijn? Mijnheer van Rijn? Maak ope!**

Van Rijn: Ag tog! Het die vrou nie end nie?

Kingdom (loer natuurlik met 'n groot glimlag deur Korrel se venster) **Tsoe, tsoe, stoe!**
Hoeveel jare het ek gemelk? 45 jare! Melktyd! (Hy verdwyn weer)

Maatje: Tyd vir berading! Maak ope!

Van Rijn: Jy sal moet omstap. Die dêkselse deur is gesluit!

Maatje: Hoe meen u?

Van Rijn: Korrel van Graan sit en drink nou seker al sy sesde koppie koffie na ete. En sy deur is gesluit! Net om my te vermaak! Kom om! Ek moes ook omstap!

Maatje: O!

Kingdom (se kop weer by Van Rijn se Venster in): **Meneer moet maar vir Meneer reghou!**

Van Rijn: Vir wat moet ek my so danig reghou?

Kingdom: 45 Jare! Ek ken koei! Hy kom huis toe!

Van Rijn (vlieg op na venster): **Luister man! Gee net pad van my jaart af! Loop! Loop spit daar anderkant! Jy sit nie jou voete weer hier op my stukkie nie! En jy loop nie weer oor my gras nie! Jy spring oor die muur of iets! Of jy kom in die gang deur hiernatoe!**

Kingdom (nou weer deur Korrel se venster): **Deur die gang? Nou hoe kom ek dan nou hier by die tuin? Weer by Meneer se deur uit en dan loop en weer oor die stukkie'tjie gras?**

Van Rijn: Vir al wat ek omgee kan jy deur ou Korrel se venster klim!

Kingdom: Hauw! Hoekom is die meneer so kwaad vir my en vir my Oubassie?

Van Rijn: Jy sal dit nie verstaan nie! Die ding kom van vér af! Baie vér...

Korrel: Hauw! Dit moet 'n vér, vér wees!

Van Rijn: Dit is vér!

Kingdom: Wat is die ding?

Van Rijn: Loop vra jou Boerpa!

Kingdom: Hy wil nie sê nie? Hy sê net die Meneer het 'n ding by hom gesteel.

Van Rijn: Nie gesteel nie! Gevat! Die ou armgat! Ek is 'n man met beleggings!

Kingdom: Hauw! Hy was baie arm! Maar ons het darem nou ôk iets! (Hy sien Maatje om die hoek kom) Naand, Ouma!

Maatje (buite): Luister, Snottekop! Het ek met jou Oupa een huwelik beklink?

Kingdom: Nee! Hy sou die bangsweert gegooi het! (Hy lag lekker en verdwyn weer uit venster om in die tuin te werk)

Maatje (in deur glasdeur): Die oorlamse vent! Snotsnuiter!

Van Rijn: Hy erf dit van sy Boerpa!

Maatje: Sy Boerpa?

Van Rijn: Ja! Ou Korrel van Graan! Kyk nou net weer wat vang hy aan. Sit en koffie drink om my te tempteer!

Maatje: Maar kalm tog, Minjheer Van Rijn! Van Graan pas wel heel goed aan! En hy skenk sy groente aan almal in Huizje Zoeterjare! Hy's geheel bekeernd geraak!

Van Rijn: Bekeernd? Die ou skynheilige ding! Hy tempteer my! Hy's aspris!

Maatje (gaan sit op die bed en neem sy hande in hare): Kom kalmeer tog! Hierdie woede-uitborrelings van jou is juis wat my so bekommerd laat! Ek is so bang dit dryf jou weer na die oue weë van zonde ... en van drank!

Van Rijn : GGH! (Sy oog is eerder op die TV as op haar gerig)

Maatje: Nou waar was ons gisteraand?

Van Rijn (kyk nog steeds weg na TV): Hier.

Maatje (neem sy gesig en draai dit na haar): Mijnheer van Rijn... kyk tog na my. Oogkontak is so belangrik voor die berading! Ons was gisteraand by die punt wat jy erken het dat jy al vir jare skelm drink omdat jy eenzaam is! Dat is die wortel van die kwaad! Die eenzaamheid!

Van Rijn: Ek het net gisteraand so gesê dat die dêkselse ‘berading’ kan ophou! Ek weet nie hoe dit kon gebeur het nie! (Hy draai sy gesig TV toe!)

Maatje: Hoe de kat ook al de kiep bekruip is niet ter zake! Die wortel van die kwaad is de eenzaamheid! Daaraan moet ons tog iets doen!

Van Rijn ((luister nie werklik na haar nie): Soos wat?

Maatje: Ek dag dat...

Van Rijn: Wat?

Maatje: Ons iets kan doen aan de eenzaamheid...

Van Rijn: O.

Kingdom (verskyn en luister die besigheid af): Tsoe, tsoe, tsoe!!

Maatje: Toe jy vertel van die droom... toe dag ek... ek het ook ‘n paar weke gelede zo een droom gehad...

Van Rijn : O.

Maatje: Dit bly my moeilik om te zê... maar zo een droom sou waar kon word ... kon wees...

Van Rijn (nou baie geïnteresseerd in die TV): Uh.

Maatje: Toe dag ek... Toe dag ek... Mens sal iets dringend kan doen aan de ... eenzaamheid...

Van Rijn (kyk nou bekommerd na die nuus): Uh.

Maatje: ...al is dat ook dan net voor terapeutiese doeleindes... Ja! Ja! Voor de terapie zal jy na my tuin kom omzien. Sy neem sy gesig in haar haar hande en draai sy gesig haar) Kyk tog voor mij! Jy zal ‘n spogtuin daar my kan aanlê! Dan skink ek voor jou tee in my grote woonstel. Ek het ook een stoof vir ligte versnaperings zou jy honger word. Zou jy uitgeput raak van die spitwerk zou jy ‘n ligte middagzlapie kon neem in my spaarkamer.

Van Rijn (sit terug) Hê?

Maatje: En jy sien geheel nie vir Mijnheer van Graan nie! Gee my jou hand. (Sy neem dit) Laat my jou gelukslyn bekyke. Oe, Moeder! Hier’s een ge’ziek-zack’ van jou huwelikslyn? Een abrupte stop! Hier kruis de vriendskapslyn met de gaping

daarbo! (Haar hand streel nou opwaarts oor sy pols) **En hier begin weer een huweliksllyn? Springend oor en huppelend oor die pols! Kyk waar gaat hy? Zo takel ons tog zaam de eenzaamheid...**

Van Rijn (het weer na TV gedraai en iets skokkends gesien) **Zolotov?**

Maatje: Ekskuus?

Van Rijn: ZOLOTOV?

Maatje: ZOLOTOV? Is dit wat jy die... aksie zou noem? Zolotov?

Van Rijn: Hou jou rede... (Hy staan op en kom sit TV harder)

TV Kommentator se stem oor TV: Die eenheid vir Ernstige Ekonomiese Misdad het vanmiddag na 'n wenk van die publiek op die kantore van die Zolotov Beleggingstrust toegeslaan en voor 'n leë kantoor te staan gekom. Voorlopige ondersoek bevestig die Polisie se vermoede dat Zolotov 'n piramiedeskema is wat duisende beleggers met buitengewone hoë rentekoerse om die bos gelei het. Dit blyk of die trustees reeds die land verlaat het.

Kingdom (in die venster): **Helang makgowa a na a a bohlale hape ba le maqithi hape!**

Korrel (sluit sy deur oop en kom by sy deur in): **Naandsê, naandsê!**

TV Kommentator se stem oor TV: Zolotov was veral aktief op die platteland en het gespesialiseer in beleggings vir persone met uitdienstredingspakette en buitelandse beleggings vir pensioenarisse.

Korrel (nou ook nuuskierig nader): **Ja! Hulle was by my ook! Maar ek het regdeur hulle gesien! Pure Boereskelms!**

Van Rijn (hou sy hand uit om Korrel stil te maak): **Sjoe... Sjoe... Sjoe!**

TV Kommentator se stem oor TV: Dit blyk of beleggers hul geld gaan verloor aangesien daar geen spoor meer van die maatskappy se rekenings in enige van die plaaslike banke nagespeur kan word nie. Die laaste oorbetalings is reeds drie weke gelede vanuit 'n Suid Afrikaanse bank na 'n Nigeriese bank uitgevoer en die Suid Afrikaanse rekening gesluit. Sedertdien is alle gelde vanuit die Nigeriese rekening in kontant onttrek.

Van Rijn (het reeds opgestaan en sit die TV af): **Mejufrou van Zwolle... Die berading is verby...**

Maatje: Maar... maar.. ons het nou net by die punt gekom? Die lyn van geluk!

Van Rijn: Die lyn het gelieg. (Hy wys na die deur) **Asseblief...**

Maatje: Zeker... zeker... (Verdwaas uit by glasdeur)

Korrel: En nou van Rijn? Ek dag julle is sulke groot vriende?

Van Rijn: Maak die gangdeur toe, asb. (Hy gaan sit op die bed)

Korrel (maak so): Wat's fout, Van Rijn?

Van Rijn: Bring vir my 'n glas, asseblief.

Korrel: Voel jy siek man? (Hy bring die glas en kom na Van Rijn)

Van Rijn (beduie met sy kiere na die stoel en vat die glas): Tiep daai ding!

Korrel (doen dit verdwaas): Ja?

Van Rijn: En nou gooi jy vir my 'n brandewyn. Skoon!

Korrel (bly net so staan met die skuins stoel): Hê?

Van Rijn: Ja... skoon. Vanaand drink Peter-Schalk van Rijn , agt en sestig, afgetrede direkteur van maatskappye, wewenaar, sy eerste dop in sy lewe.

Korrel: Van Rijn... Wil jy my sê...?

Van Rijn: Ja... Ek wil jou sê... Ek het vanaand elke sent op my naam verloor.

Kingdom: Hauw!

(Vinnige verdonkering)

Einde toneel 7

Toneel 8

Dis baie laat daardie selfde aand. Kingdom het Korrel se bank nader getrek en sit daarop links voor in Van Rijn se kamer. Korrel sit op Van Rijn se bed. Van Rijn sit in sy stoel. Al drie het 'n dop in die hand en die bottel het gevaarlik gesak. Van Rijn is redelik getrek. Hulle sit al 'n tydjie in stilte)

Korrel: Miskien... moes jy...

Van Rijn: Ja ! ja Ek weet! Miskien moes ek my plekkie hier ook gekoop en betaal het! Maar nou het ek nie! Ek dag die geld kan solank rente trek!

Kingdom: Jwale ho senyehile tengtengteng!

Korrel: Wat sê jy?

Kingdom: Nee ek sê maar net 'die hoender het by die waterremmer gekom loop skyt'.

Van Rijn: Ja! Sowaar.

Korrel: Maar het jy wragtag áls daar ingesit?

Van Rijn: Als! Elke dêkselse sent!

Kingdom: Hauw!

Korrel: Miskien moes jy...

Van Rijn (vlieg op): Ja, ja, ja! Ek weet! Maar nou hét ek nie!

Korrel: Kingdom. Gooi vir die Meneer daar maar nog 'n doppie.

Van Rijn (gee sy glas vir Kingdom wat dit volmaak): Dankie.

Kingdom: Ek sal ook maar nog een vat! As die groot probleem kom moet mens hom nie op die nugter maag denk nie! Mens moet hom denk as die kop nie baie raas nie!

Van Rijn: Waar kom jy daaraan?

Kingdom: Nee! Hy wêrk so! Anders denk mens te veel ander goeters ôk! Net soos jy planmaak dan denk die kop 'Hokaai wêna! Die plan gaan nie werk nie!' Dan kom die worries, worries, worries, en dan het jy nie plan nie! So jy vat lekker dop, dan dink jy die plan - straight! Een denk op 'n slag – straight-through! Dan kom vertel die kop nie weer 'Hokaai wêna' nie! (Hy slaat sy dop skoon weg) Nou kyk nou! Ek

denk! Ek denk groot plan! Meneer van Rijn het nie geld nie. Geswelde Vrou gaan hom uitgooi hierse! Ek denk... Straight! Ha! Ek het die plan! Ons spit die Meneer se gemorsblomme uit en ons plant diékant toe ook groente!

Van Rijn: Wat? Oor my dooie liggaam!

Kingdom: Hô nou! Die tuin is klaar nie meer Meneer s'n nie! So ons plant hom vol en ons verkoop die groente by die township en Meneer bly net hier! Straight!

Korrel: Dit kan werk, Van Rijn. Ek sal vir jou geld gee vir saad. Ons kan smous!

Van Rijn: Van Graan! Dink jy wragtag ek sal vir jou 'n sent vra! Loop hier uit! Komaan! Klaar gepraat!

Korrel: Maar, Van Rijn. Ons wil jou help!

Van Rijn: Ek het my trots! Magtag! Ek is 'n direkte.... Loop!

Kingdom: Tsoe, tsoe, tsoe!!! Maar die meneer is darem nou té kwaai! My Meneer is 'n man van woord! Hy kan nie vir 'n mens triek nie!

Van Rijn: Nie triek nie? Ga! Weet jy wat het hy gemaak? Daai jare al!

Korrel: Waarvan praat jy?

Van Rijn: Van daai woord wat nie een van ons twee nog ooit hier gesê het nie!

Korrel: Watter woord?

Van Rijn: Ek praat van Martie'tjie!

Korrel: Martie'tjie! Vergeet nou maar daarvan! Dis ou koeie!

Van Rijn: Ou koeie? Ek sal jou dit nooit vergeef nie!

Korrel: O.... Jy sal my nooit vergeef nie! Na jy vir Martie'tjie! van my gesteel het!

Kingdom: Ek onthou nie daai koei nie?

Van Rijn: Sy was nie 'n dêkselse koei nie!

Kingdom: Ek dog dan Meneer praat van die 'ou koeie'

Korrel: Ek sê nou vir jou! Jy't vir Martie'tjie gesteel!

Van Rijn: Gesteel? Gevat! Jy't jou kans gehad!

Korrel: Jy't haar met jou geld gesteel! Dis wat! Alles was reg tussen ons tot jy daar aangekom het met jou blêddie blink kar en baie geld.

Van Rijn: Jy was bankrot! Tussen jou piepkuikens! Hoe sou jy vir haar gesorg het?

Kingdom: As sy nog net versie was sou ons vir haar op biesmelk gesit het! En later lusern!

Van Rijn: Lusern! Martie'tjie was 'n vroumens! My vrou! 'n Vrou gewoonde aan styl en geld! En jou Meneer was 'n armgat wat bankrot gespeel het met 'n hoenderboerderytjie vol piep! Biesmelk? Ga!

Korrel: Van Rijn! Ek het opgestaan uit daai bankrotskap uit en koeie gekoop en groot gemelk! Ek sou vir haar gesorg het! Maar toe het jy haar al klaar weggesleep stad toe met al daai blink liggies!

Kingdom: Tsoe, tsoe, tsoe!!!

Van Rijn: Laat ek jou nou móói vertel! Haar ma sou nie toegelaat het dat sy met 'n bankrotgat getrou het nie!

Korrel: En nou is jy die bankrotgat!

Kingdom: Tsoe, tsoe, tsoe!!!

Van Rijn: En toe, jou ou dônner! Toe speel jy my jou vuilste triek in die boek!

Korrel: Vuilste triek? Soos wat?

Van Rijn: Ja, jou vuilste triek! Jy was te slagpat om vir jou 'n vrou te vat!

Korrel: Ek wou nie 'n ander een hê nie!

Van Rijn: Sien jy, Kingdom! Sien jy hoe skelm is hy!

Kingdom: Hauw? Hoe kan hy skelm wees as hy nie vrou vat nie?

Korrel: Ja! Jou kop kap aan, Van Rijn!

Van Rijn: My kop kap nie aan nie! Toe steel jý haar weer by my!

Korrel: Man waarvan praat jy? Ek het ou Martie'tjie nie een keer weer in my hele leeftyd gesien nie! Ek was op die plaas – melk, melk, melk... (Hy melk 'n koei!)... van die more tot die aand en julle in die stad! (Hy vryf sy vingers) Geld, geld geld!

Van Rijn: Jy hét haar gesteel! (Hy tik sy kop) **HIER! Jy't haar kop gesteel!** (Hy begin nou dronkverdriet kry) **Ek het haar nooit WERKLIK gehad nie!**

Kingdom: Hauw? Sy was nooit by die plaas nie! Vrougoed het nie daar geloop nie!

Van Rijn: Sy was daar! In haar kop! Ek het geweet... Mens weet sulke dinge!

Korrel (heel verbaas): Maar ék het dit nooit geweet nie. Dis nou blêddie jammer! Wat help dit?

Van Rijn (kalmer): Ek dink jy het. Dis hoekom jy nooit getrou het nie. Jy't gewag dat ek die emmer skop, dan wou jy haar kom vat!

Kingdom: Daai is nogals 'n goeie plan!

Van Rijn: Dit wás sy plan! (Hy raak weer bewoë) **Maar toe gaan sy voor my, en nou sit ek sonder haar... en sonder 'n kind of kraai - en dit is ook jou skuld! Want, want, want... Dit traak jou ook nie! En sonder 'n blyplek en sonder 'n sent.**

Kingdom: Tsoe, tsoe, tsoe!!! Nie eers 'n kind nie? Ek dog Meneer is groot bul!

Van Rijn: Kan jy nie jou smoel hou nie?

Korrel: Van Rijn... Sorry, man. Ek het nie geweet nie... Sorry man.

Van Rijn: Ja! Sorry, sorry, sorry!

Korrel (na 'n paar ongemaklike oomblik): Nee rêrig... Sorry man... Ek het nie so 'n plan gehad nie.

Van Rijn: Regtig?

Korrel: Natuurlik nie. Sal ons maar... bladskud, jong? Vrede maak? Dit is tog als ou koeie...

Kingdom: Is dit ánder koeie nou?

Van Rijn: Kingdom... Bly asb. net vir vyf minute stil!

Korrel (staan op en hou sy hand na Van Rijn): Hoe sê jy Van Rijn? Vergeet en vergewe?

Van Rijn (staan ook op en vat Korrel se hand): Goed. Ons praat nie weer daaroor nie.

Kingdom: Nee, ek kán nie stilbly nie! My hart sê hy kan nie stilbly nie! Ou mense moet nie so kwaai wees nie. Netnou tiep een en dan's daar nie mense wat kan kis dra nie.

Korrel: Nouja! Dis laat. Ons moet seker maar gaan inkruip.

Van Rijn: Ja. Dis laat. Ek is gedaan.

Kingdom: Kyk nou net hoe het die doppie'tjie gehelp! Ons het sommer straight gedink en is sommer losgat deur die moeilikheid! (Hy slaat sy dop skoon af) Laat ek langtoon gooi! (Hy gaan na die glasdeur terwyl Korrel na sy kamer gaan) Dan sê ek maar 'naand.' (Uit)

Korrel (trek sy bank terug en gaan badkamer toe): Naand, Kingdom. Ons sal more verder dink, Van Rijn (Af)

Kingdom (verskyn weer deur Van Rijn se venster): Tsoe,tsoe, tsoe!!! Meneer! Die doppietjie het my nou so straight laat dink. As hulle vir Meneer wil uitgooi – ek het die plan! Hoekom vat Meneer nie vir Geswelde Vrou nie?

Van Rijn: Geswelde Vrou?

Kingdom: Ja! Geswelde Vrou! Sy het huis! Sy bly by die groot kamer met die stoep en die kombuisie en die groot sitkamer! En sy maak self kos! En 'n vrou wat bietjie dik is, maak lékker kos!

Van Rijn (afgemete): Daar... is... nie... 'n MANIER nie! Vergeet dit! Goeienag! (Hy maak die venster toe)

Korrel (in met slaapklerre aan:) Ek is klaar. (Hy klim in sy bed en sit sy lig af).

Van Rijn (Na badkamer met japon en slaapklerre): Dankie.

Korrel: Plesier

Van Rijn: Nou ja! (Af en hou badkamer deur oop)

(Kingdom verskyn nou weer in Korrel se venster en luister af)

Korrel (in bed): Van Rijn...

Van Rijn (in badkamer): Ja?

Korrel: Ek het nou so gedink... En moet nou nie vir my in die rede val nie. As ek nou kan, dan maak ons 'n plan. Ek is nou nie juis 'n ryk man nie, maar ek is ook nie meer 'n bangkrotgat nie. Laat ek nou maar die hele kamer koop en dan bly jy nou

maar hier. En dan gee jy vir my die ander stuk tuin en ons plant groente en ons smous en ons maak 'n lewe en ons leef in vrede saam. Ek geen mens weet van ons reëling nie, en ons hou ons bekke!

Van Rijn: En almal weet jy het die kamer gekoop en ek is die bankrotgat!

Korrel: Nee man, luister nou! Magtag! Ek trek die geld en jy gaan betaal dit in! Jy sê jy het besluit om maar te koop.

Van Rijn: En een van die dae raak jy weer Korrelkop van Graan en blaker alles uit!

Korrel: Ek sal nie!

Van Rijn: Jy sal! Jy sal! Jy sal!

Korrel: Ek sallie! Magtag! Ek het tog nie kinders nie. Wie erf my geld? Hê, hê, hê?

Van Rijn: Wat's die triek?

Korrel: Daar is nie 'n triek nie. Jy beloop my net as ek voor jou die emmer skop dat jy my testament sal uitvoer – as eksekuteur. Jy ken mos van geld.

Van Rijn: Ek kan dit doen. Ek is... was direkteur van maatskappye.

Korrel: En jy beloop dat jy jou testament sal laat reg opstel as jy dalk voor my langbome toe vertrek. Ek sal jou eksekuteur wees. Ek ken darem ook 'n bietjie van geld!

Van Rijn: Wat bedoel jy?

Korrel: Ons het tog nie een kinders nie. Jy hou jou belofte. Dat as watter een van ons ook al eerste inklok, die langsliewende van ons twee sal sorg dat Kingdom die helfte van die kamer erf en hier kom bly.

(Kingdom knik sy kop instemmend in die venster)

Van Rijn: Maar... Maar...

Korrel: Nie maar, maar, maar nie! Dis die voorwaarde!

Van Rijn: Hoekom doen jy dit?

Korrel: Kingdom gaan ook eendag swaartrek. En kom ons sê maar... ek betaal net my skuld aan jou terug.

Van Rijn: Skuld?

Korrel: Ja. Jy sê mos ek het jou vrou gesteel!

(Kingdom verdwyn uit Korrel se venster)

Van Rijn (kom uit badkamer deur geklee in pajamas en japon. Hy staan langs Korrel se bed): **Dankie vir aanbod. Ek sal dit oorweeg. Maar ek het my trots. Vir eers is daar ‘n moontlike alternatief! Ek dink ek kort nou behoorlike berading!** (Hy stap by Korrel se deur uit na Mejufrou van Zwolle se kamer vir ‘berading’)

Korrel (se kop volg Van Rijn soos hy uitgaan en draai dan na gehoor): **Allakragtie!**

Van Rijn (klop in saggies ‘n kodekloppie aan Maatje van Zwolle se deur in die gang en sy sagte roepstemmetjie word gehoor): **Mejufrou van Zwolle... Mejufrou van Zwolle...**

Maatje (se voetstappies word gehoor, haar deur gaan oop en sy koer verleidelik):
Komaarin... Komaarin... Komaarin!

Korrel (Hy staan op en gaan kyk in die gang af) **So ou yster!**

Kingdom (kom by Van Rijn se glasdeur in en kom om na Korrel se kant): **Dan sê ek maar weer ‘naand!’**

Korrel (kom terug): **En nou?**

Kingdom: Ek kon nie gehelp het om te hoor nie. Toe dag ek. Hau! Berading? Ek ken bul as hy eers by die koei geloop het. Hy kom nie weer terug nie!

Korrel: Ja, ou Grote! Daardie berading is ‘n berading van permanensie! Trekmaarin! Trekmaarin! Trekmaarin!

(Al twee manne duik na hulle beddens en lê lekker op hulle rûe)

Kingdom begin op die bed ruggelings wip en begin sing): **Ou....Rypêêêrd....**

(Korrel begin saamsing en die ligte doof uit)

Einde
